# Ons hand in Sy Hand



BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

BEGROND

Instituut vir Christelike Grondslagstudies


**Skrywers:**

*Lourens Venter*
*Paul Maritz*
*Wikus Buys*
*Hannes Noëth (medewerker)*
*Gert Erasmus (medewerker)*
*Elsha Hermann (medewerker)*



*2022 Centurion*

# BEGROND

Instituut vir Christelike Grondslagstudies

Begrond is ŉ Christelike navorsingsinstituut wat die Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskap bystaan om Bybelse antwoorde op belangrike lewensvrae te kry.

## Wat ons doen is:

*Geloofwaardig* –
jou bron van betroubare inligting gebaseer op die Bybel

*Aktueel* –
ons help jou om moeilike gemeenskapskwessies op 'n verantwoordelike manier aan te pak

*Beginselvas* –
die Bybel as die geskrewe Woord van God gee tydsgerigte antwoorde op vandag se uitdagende vrae

*"Ons is medewerkers van God; julle is God se saailand, God se bouwerk. Volgens die geande deur God aan my gegee, het ek soos 'n bedrewe bouer 'n fondament gelê, en 'n ander bou daarop. Elkeen moet egter let op hoe hy daarop bou. Want niemand kan'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie – dit is Jesus Christus."*
*1 Kor. 3: 9 – 11*

**Raak as Medewerker by Begrond betrokke:**

- Skryf meningstukke rakende etiese kwessies of lewensvraagstukke.
- Vorm deel van die ondersteuningsraamwerk aan die gemeenskap.
- Dra by as skrywer tot die publikasies.
- Vorm deel van die navorsingspan.

Kontak Ons:
E-pos: admin@begrondinstituut.co.za | Webblad: www.begrondinstituut.co.za
Teken aanlyn in op ons gratis nuusbrief

# Voorwoord

Die belofte van God in Jesaja 41:10 raak elke gelowige intens. God belowe in hierdie teks: *"Ek ondersteun jou met my reddende regterhand!"* Wat 'n belofte! God hou ons in Sy hand. Dit is ook die uitgangspunt van hierdie hele publikasie – ons hand in Sy hand, want wie 'n ander wil help en wie 'n gemeenskap wil ophef, moet self eers afhanklikheid besef van die enigste ware lewende God.

Solidariteit Helpende Hand doen gemeenskapsontwikkeling. Ons doen dit in afhanklikheid van God. Ons doen dit in samewerking met die kerk as geloofsgemeenskap, want wie die gemeenskap wil ontwikkel, maar die kerk nie erken as geloofsgemeenskap nie, sal geen sukses kan hê nie.

Daarom hierdie riglyn. Hierdie onderbou. Vir Helpende Hand -ondersteuners, takke/streke/personeel, vrywilligers en begunstigdes.

Ons hand -

Hiermee bedoel ons gestuur, geroep, toegerus, gewillig, ywerig, diensbaar. In Sy Koninkryk is my hand gewillig om te help, gewillig om te werk, gehoorsaam. Dit is 'n swak hand, gebroke en nietig, tog geseënd.

In Sy hand -

Sonder die ondersteuning van Sy hand wil ons nie en kan ons nie. Ons is afhanklik van Hom wat ons in Sy hande optel en dra, seën en versterk.

Ons bede is dat hierdie program, 'n samewerkingsprojek tussen BEGROND en SOLIDARITEIT HELPENDE HAND, tot groot vrug mag wees, in ons land, vir ons mense, binne die Koninkryk van God.

Hannes Noëth
Uitvoerende direkteur van Solidariteit Helpende Hand
Pretoria
2022


SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING
www.helpendehand.co.za

# Ons Hand in Sy Hand

1. Wie is my God?
2. Wie aanbid ek waarlik?
3. Hoe praat God met my?
4. Hoe lees ek my Bybel?
5. Wie is ek in my gemeenskap?
6. Hoe bou God ons gemeenskap?
7. My werk en goeie werke.
8. My roeping en gebrokenheid.
9. Wat is 'n ware gemeenskap?
10. Gemeente in my gemeenskap.
11. Van afhanklikheid na selfstandigheid in my gemeenskap.
12. Wat is barmhartigheid in my gemeenskap?
13. Die ewigheidswaarde van my erfenis vir my gemeenskap.
14. Rentmeesterskap en my begroting.

## VISIE VAN SOLIDARITEIT HELPENDE HAND

Solidariteit Helpende Hand wil deur maatskaplikgebaseerde gemeenskapsontwikkeling die selfontwikkeling van die mens in sy gemeenskap, en die ontwikkeling van die gemeenskap as geheel, bevorder.

## MISSIE VAN SOLIDARITEIT HELPENDE HAND

Om maatskaplikgebaseerde gemeenskapsontwikkeling in gemeenskappe te bevorder deur volhoubare ontwikkelingsprogramme en -projekte, opleiding, netwerkvorming en hulpbron-ontginning, sodat die mens deur sy gemeenskap tot ’n ontwikkelde, selfstandige, selfverantwoordelike en optimale funksionerende persoon gedryf word, wat gesonde, funksionerende gemeenskappe tot gevolg het. Die uitkoms moet ’n toekoms wees waarin die Afrikaner-kultuurgemeenskap, vry, veilig en voorspoedig kan wees.



# Welkom by die kursus: Ons hand in Sy Hand

Ons verwelkom jóú by die Solidariteit Helpende Hand-kursus, ***Ons hand in Sy Hand***. Hierdie kursus is in samewerking met Begrond, die Instituut vir Christelike Grondslagstudies saamgestel.

Vir Solidariteit Helpende Hand is dit belangrik om nie nét op maatskaplike gebied 'n verskil te maak in ons gemeenskappe nie, maar óók om die onmisbare roeping op die geestelike vlak te laat seëvier. Die "een hand" kan nie sonder die "ander hand" nie. Die pragtige roepingswoorde in Matteus 4 van ons Here Jesus Christus staan sentraal in die opleiding en uitrol van ***Ons hand in Sy Hand*** ... *"Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan,"* (Matteus 4:4). Vir Solidariteit Helpende Hand is dit belangrik om gemeenskapsontwikkeling op 'n holistiese wyse aan te pak, dus sluit dit ook die geestelike welstand van ons mense in.

In hierdie kursus word geloofstemas soos: *Wie is my God? Wie aanbid ek regtig? Hoe lees ek my Bybel? Wie is my gemeenskap?* en *Wat is barmhartigheid?* bespreek. Ons roeping tot gemeenskapsontwikkeling op geestelike vlak stop nie by hierdie kursus nie. Ons wense is dat hierdie kursus jou eerstens sal bystaan in geloofsgroei, maar tweedens ook sal inspireer om uit te reik na jou gemeenskap en derdens dat die boodskap verder uitgedra sal word na ander rondom jou.

Mag die waarde van ***Ons hand in Sy Hand*** wees dat jy jou geloof prakties in ons gemeenskappe sal uitleef.

Vir 'n optimale leerervaring word die boekie met toepaslike videomateriaal ondersteun. Besoek gerus ons webwerf www.helpendehand.co.za om meer inligting rondom die videomateriaal te verkry of stuur 'n e-pos na geestelik@helpendehand.co.za.

**Kom ons vat saam hande! Lekker lees!**

Gert Erasmus
(Solidariteit Helpende Hand programontwikkeling: Geestelik)



# Hoofstuk 1
# Wie is my God?

## Uitkomste:

***Aan die einde van die hoofstuk behoort jy:***

- Te weet wat die woord "Drie-eenheid" beteken.
- Te weet dat God drie Persone is en een Wese.

## Oorsig:

Ons leef in 'n wêreld waar baie kulture en godsdienste is. Soms sukkel 'n mens om mooi te onderskei tussen wie God regtig is en watter gode en godsdienste daar is. In die eerste hoofstuk fokus ons daarop dat daar net een ware God is. God stel Homself bekend aan gewone mense. Hy gee Sy eie Naam aan mense deur. God bestaan en Hy sê Self wie Hy is. God sê dat Hy die enige ware God is en dat Hy alle dinge geskep het. God wil hê dat ons Hom alleen aanbid en dien.

## In die begin

Elke ding wat bestaan, moet iewers begin. Dit geld ook vir die wêreld waarbinne ons leef. Dit laat ons vra: waar kom die mens vandaan? Wie het die wêreld gemaak? Wat is die doel van die mens se lewe op die aarde?

Dit leer ons ken uit die eerste woorde van die Bybel. Daar staan in Genesis 1:1: *"In die begin het God die hemel en die aarde geskep."* Alle dinge moet mos 'n begin hê. Soms dink mens daaroor of God dan ook 'n begin kan hê?

God was al daar voordat Hy enige iets gemaak het. Hy was van altyd af daar. Hy is ewig en het nie 'n begin of einde nie. Dit is omdat Hy die Skepper is. Die dinge wat Hy skep, het wel 'n begin en 'n einde. God bestaan voordat Hy geskep het. God skep deur te praat. Hy skep deur Sy Woord.

## Onthou:

*"In die begin was die Woord,*
*en die Woord was by God*
*en die Woord was God.*
*Hy was in die begin by God.*
*Alles het deur Hom ontstaan*
*en sonder Hom het nie een ding bestaan*
*wat ontstaan het nie," Johannes 1:1 (2020-vertaling).*

Uit die hele Bybel is dit duidelik dat God geskep het. Hy het alles gemaak – ook die mens as kroon van die skepping.

## Wie is die Skepper?

In Genesis 1:26 het God gesê: *"Laat Ons mense maak."* Let mooi op die woord "Ons" as God van Homself praat. Dit is hier in die eerste deel van die Bybel nog nie duidelik wat die "Ons" beteken nie, maar dit word verder in die Bybel al hoe meer duidelik soos God Homself bekend maak. Hy gee vir ons Sy Naam. Hy is die enige ware God wat alles gemaak het. Buiten Hom is daar geen ander god of gode (afgode) nie. Hy is die God wat Homself aan ons bekend maak as Drie-enig. Dit beteken Vader, Seun en Heilige Gees.

## Wat beteken die Drie-eenheid?

Die woordjie Drie-eenheid kom wel nie in die Bybel voor nie, maar is 'n woord wat deur die eeue in die nood in die kerkgeskiedenis ontstaan het wat 'n moeilike begrip opsom en verduidelik waar Christene dit gebruik om te beskryf wat die Wese van God is en beteken. Hy is drie Persone, maar een Wese. Ons praat dus van God as een unieke God. God het drie verskillende Persone, nl. *God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees.*

Daar is nie net een Bybelversie wat dit so opsom nie, want die hele Bybel getuig daarvan. Op baie plekke staan dit in die Bybel. Byvoorbeeld as die Vader van Jesus sê: *"Dit is My geliefde Seun,"* of as Jesus weer sê dat Hy en die Vader een is. Ons kyk nou kortliks na die drie belangrike Name wat die Bybel ons van God leer:

## God die Vader

Die Vader is die Begin en die Oorsprong en die Oorsaak van alle dinge wat ons kan sien en nie kan sien nie. Die Vader is van ewigheid af daar. Hy is die een wat Sy geliefde Seun na die aarde stuur. Hy is die Een deur Wie alles gemaak is en in die lewe geroep is.

## God die Seun

Die Seun is die Woord en die Wysheid en die Beeld van die Vader. Hy is nie geskep nie, Hy is van ewigheid daar. Die Vader het Hom na die aarde toe gestuur. Hy het wel mens geword en onder ons kom woon. Hy is ware mens en tegelyk ook ware God. Dit word Jesus Christus se twee nature genoem.

## God die Heilige Gees

God is Gees, en as God is Hy heilig. Die Heilige Gees is waarlik God en gaan van die Vader en die Seun uit. Hy is die ewige Krag en Mag van die Vader en die Seun. Deur die Heilige Gees bestaan alle dinge en word alle dinge onderhou. God woon deur Sy Gees by Sy kinders. Die Heilige Gees is die volkome liefde van God.

## Wie is God vir my?

Om 'n Christen te wees, bring my voor 'n groot verantwoordelikheid om God Drie-enig reg te ken en te bely. God is 'n persoonlike God wat Sy kinders persoonlik ken. God leer ons ook Sy eie persoonlike Name. Hy wys ons wie Hy regtig is: die Skepper - ons Vader, die Redder deur die Seun en Sy liefde deur die Gees. Ons doel op aarde is om die Here met jou hele lewe in liefde te dien. Die Bybel is my lewenspadkaart vir die lewe, en God se Woord is die hoogste gesag. God sê ons wie Hy is en leer ons hoe om Hom lief te hê.

***Kyk gou na die video***

## Beantwoord die volgende vrae:

1. *Hoe stel God Homself aan gewone mense bekend?*

2. *Kan mens glo sonder om God te ken?*

3. *Hoe weet mens as jy 'n Christen is?*

4. *Waarom glo ons dat God Drie-enig is?*

5. *Wie was in die begin al daar?*



# Hoofstuk 2
## Wie aanbid ek waarlik?

### Uitkomste:

*Aan die einde van die hoofstuk behoort jy:*

- Te kan onderskei tussen godsdiens en afgodery.
- Te kan sê wat die Christelike geloof uniek maak.

### Oorsig:

God het die mens gemaak om Hom in liefde te aanbid. Na die sondeval het die mens begeer om self soos God te wil wees. Die mens wil nie altyd – net God aanbid nie. In die proses gebeur dit dat mense ook self ander gode uitdink en aanbid. 'n Afgod is iets wat iemand self uitdink – en in die plek van God plaas.

### God is die enigste

Die Here alleen is God. Wanneer God sê dat Hy alleen God is, beteken dit dat daar geen ander gode bestaan nie. Tog lees ons in die Bybel van gode en van aanbidding van ander gode. Ons weet ook vandag is daar oor die wêreld heen duisende verskillende godsdienste. Dit is vir ons belangrik om te weet dat mense soms self gode uitdink. God maak Homself egter aan ons bekend en verbied enige aanbidding of erkenning van 'n god anders as Hy.

### Onthou:

*"... die HERE is ons God, die HERE alleen.*
*Jy moet die HERE jou God met hart en siel liefhê en met al jou krag,"*
*Deuteronomium 6:4 (2020-vertaling).*

### Wat is afgode?

'n Afgod is enige iets of enige iemand wat jy in die plek van die ware God, of naas Hom stel of uitdink om dit te aanbid en om daarop te vertrou. Dit beteken ook alle vorme van towery, waarsêery, bygelowigheid of aanbidding of aanroeping van heiliges of engele of ander dinge wat God gemaak het.

### Wat is aanbidding?

Dit is om jou hele lewe aan God te wy en Hom alleen te erken as ware God. Aanbidding bedoel ook om te bid. Wanneer jy bid, en jou oë toemaak en met God praat, dan sien jy af van jou eie kragte en vertrou op Hom alleen.

## Hoekom maak dit saak?

Feitlik alle godsdienste sê dat hulle "God" aanbid. Hierdie manier van praat, kan ons baie maklik verwar omdat mense van God praat, sonder dat hulle verwys na die ware Drie-enige God. God verbied dat ons Hom op enige ander manier mag voorstel of aanbid as wat Hy aan ons leer in die Bybel. Die wêreld van vandag gee voor dat alle verskillende gelowe en godsdienste gelyk gestel is en gestel kan word aan mekaar. Hierdie manier van praat word baie algemeen aanvaar in die samelewing deurdat mense sê dat niemand se geloof of godsdiens belangriker is as iemand ander s'n nie.

## Wat is godsdiensvryheid?

Dit beteken dat elke landsburger die vrye keuse het om die godsdiens te beoefen waarvan hy of sy oortuig is. Dit beteken ook dat alle landsburgers wel vry is om hulle geloof ten volle te mag uitleef. Dit beteken dat niemand met geweld gedwing moet word om anders te glo of te doen of dat jou geloof verbied mag word nie. Ons as Christene glo in godsdiensvryheid, maar nie in godsdiensgelykheid nie.

## Die Christelike geloof is anders

Ons glo dat vergewing van sondes slegs moontlik is deur die Persoon van Jesus Christus, wat Sy lewe gegee het om sondige mense te red. Die grootste verskil tussen die Christelike geloof en alle ander godsdienste is dat God se genade sonder enige verdienste gegee word. Dit beteken dat jy nie hoef te probeer om God se guns te wen voordat Hy jou red nie. God red mense omdat Hy goed is, voordat iemand nog iets vir God kan doen. Deur die geloof alleen word ons gered, op grond van die genade van ons Here Jesus Christus wat Hy aan ons bewys het in Sy groot liefde.

## Wie aanbid ek in my lewe?

God wil hê dat ons Hom alleen moet aanbid. Ons mag Hom op geen ander manier aanbid of vereer as wat Hy in die Bybel aan ons bekend maak nie. God wil met ons 'n ewige verbintenis aangaan sodat ons in Sy liefde mag leef.

*Kyk gou na die video*

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. *Waarom moet ons God alleen aanbid?*

2. *Wat is afgodery?*

3. *Kan ons op enige manier God se guns eerste verdien?*

4. *Deur watter Persoon kan ons alleen gered word?*

5. *Wat is die verskil tussen godsdiensvryheid en godsdiensvryheid?*



# Hoofstuk 3
## Hoe praat God met my?

### Uitkomste:

*Aan die einde van die hoofstuk behoort jy:*

- Te kan onderskei tussen die mens en God se Woord.
- Te kan onderskei tussen die Bybel en ander boeke.

### Oorsig:

God praat met ons deur Sy Woord. Die Bybel is die Woord van God. God wil hê dat ons Hom leer ken. Hy wil ons nie deurmekaar maak nie. As jy wil weet wat iemand self geskryf het, vra jy tog die skrywer. God wil ook hê dat ons Hom moet vra wat Hyself in Sy Woord sê. Ons vra in gebed vir die leiding van die Heilige Gees deur te bid tot God. Om alles van die Bybel te verstaan, is nie altyd so maklik nie. Daar is baie dinge deur die geskiedenis wat moeilik is om te verklaar. In hierdie hoofstuk leer ons hoe om die Bybel reg te lees.

### Mening en verklaring

'n Man loop eendag in die straat af. Sy vriend loop by hom verby sonder om hom te groet. Die man voel nogal sleg daaroor en meen dat sy vriend vir hom kwaad is. Hy dink na oor wat alles die oorsaak sou kon wees. 'n Paar dae later loop hulle weer by mekaar verby. Die keer groet die vriend die man. Die man vra hom verbaas hoekom hy hom nou groet maar 'n paar dae terug nie gegroet het nie. Die vriend gee toe self die verklaring. Hy was 'n paar dae terug op pad tandarts toe, aangesien hy baie pyn gehad het. Hy het die man nie gesien nie. Sy verklaring was anders as die man se mening dat sy vriend vir hom kwaad is.

Nie almal se mening oor wat in die Bybel staan, is goeie verklarings nie. Om te kan onderskei wat die verskil is tussen God se Woord en mense se woorde, kyk ons na die volgende sake.

### Natuur en Skriftuur

Ons leer die Here ken op twee maniere. Uit die natuur, die skepping en uit die Bybel, die Skriftuur. Die Here het mense gebruik om die Bybel neer te skryf. Deur die Heilige Gees het God so met die mense gewerk dat hulle neergeskryf het soos God dit self wou hê. Ons noem dit die inspirasie van die Woord. Die woord "inspireer" verduidelik dit mooi. In Engels beteken die woord "in-spirit", of dan in Afrikaans: "ingees". Dit kom van die Grieks af wat beteken "inasem". God se Gees het letterlik in die mense wat skryf geasem dat hulle kon skryf soos wat God wou. God die Heilige Gees het in die harte van mense gewerk toe

hulle die dinge neergeskryf het wat God aan hulle bekendgemaak het. Hierdie woorde is God se eie Woord deur mense se woorde.

## Onthou:

*"... terwyl julle veral dít moet weet,*
*dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie;*
*want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie,*
*maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek,"*
*2 Petrus 1:20-21 (1933-vertaling).*

## Gesag van die Bybel

God self is die Skrywer van die Bybel, al het Hy mense gebruik om dit te doen. God gee ook self die verklaring wat Hy geskryf het. Sy verklaring is belangriker as mense se eie menings oor wat in die Bybel staan. Die Bybel bevat God se boodskap oor Homself. Hy sê wie Hy is en hoe Hy gedien wil word. Die gesag van die Bybel is bo alle vorms van menslike gesag. Dit is die hoogste gesag omdat dit God se eie Woord is. Ons moet altyd respek daarvoor betoon. Dit wat in God se Woord staan, bind jou gewete sodat jy dit nie kan ignoreer soos jy wil nie. Met ander woorde: As God praat, moet ons luister. Daar is baie mense wat vandag ook sê dat God met hulle praat, sonder om die Bybel te gebruik. Hoekom verskil mense oor die betekenis van die Bybel? Hierdie vraag is baie belangrik, want ons het elke dag daarmee te doen. Elke persoon wat die Bybel lees, het 'n opinie oor dit wat hulle glo. Ons moet egter baie mooi onderskei tussen ons persoonlike opinies, en die werklike betekenis van die teks. Mense haal soms die Bybel aan sonder om die konteks waarbinne die versie staan, te verduidelik. Hierdie manier van Bybel lees, kan baie gevaarlik wees. Dit is vir ons baie belangrik om te toets of ons getrou aan die waarheid bly en of ons dalk verkeerd verstaan. God praat met ons deur Sy Woord. Die hele Woord is die waarheid.

## Onfeilbaar of foutloos?

Die Bybel is egter nie sonder foute nie. Daar is sommige plekke in die Bybel waar daar wel menslike foute ingesluip het, en dit is te verstane. Dink maar net hoe maklik ons spelfoute kan maak of dalk 'n getal verkeerd skryf. Die feit dat daar menslike foute is, maak egter nie dat die Bybel se gesag onwaardig is nie. Ons praat van onfeilbaarheid. Dit beteken dat die gesag van God se Woord nog steeds die volle gesag dra, al is daar dalk 'n spelfout of skryffout.

## Wat is die waarheid?

Daar is so baie menings en sienings oor wat die waarheid is. Partykeer kies mense maar sommer self wat hulle as waarheid wil glo. Tog is die waarheid slegs die waarheid as dit vir alle mense so is. Wat help dit om 'n mening te hê dat iets net vir jou waar hoef te wees? Die waarheid se krag lê daarin dat dit vir alle mense geld, anders is dit nie die waarheid nie. God se Woord is die waarheid. As Jesus voor Pilatus staan en getuig vir die waarheid, dan vra Pilatus: *"Wat is waarheid?"* (Johannes 18:38). Hierdie vraag kan ons beantwoord deur terug te verwys na God se Woord. En as ons onthou wat in Johannes 1 staan oor die Woord, dan weet ons die Woord het 'n mens geword, ons Here Jesus Christus. Daarvan getuig Jesus ook as Hy sê: *"Ek is die weg en die waarheid en die lewe ..."* Johannes 14:6. Christene weet dat Jesus in Persoon self die waarheid is. Die waarheid is neergeskryf, dit is God se Woord wat gesag dra.

*Kyk gou na die video*

## Beantwoord die volgende vrae:

1. *Op watter twee maniere maak God Homself aan ons bekend?*

2. *Wat beteken dit dat die Bybel onfeilbaar is?*

3. *Wat beteken die inspirasie van die Woord?*

4. *Hoe onderskei ons tussen God se Woord en mensewoorde?*

5. *Wat is die verskil tussen 'n mening en 'n verklaring?*



# Hoofstuk 4
## Hoe lees ek my Bybel?

### Uitkomste:

*Aan die einde van die hoofstuk behoort jy:*

- Te weet hoe om Bybelstudie te doen.
- Te weet dat gebed belangrik is om die Bybel reg te lees.

### Oorsig:

Elkeen van ons lees die Bybel op ons eie manier. Dit gebeur wel dat ons verskillend verstaan hoe die teksgedeelte op ons eie lewe van toepassing is. Hierdie persoonlike toepaslikheid moet ons nie verwar met interpretasie van die Bybel nie. Met ander woorde: die betekenis van die Bybel kan nie verander nie, maar die toepassing wel.

### Luister wat die Here sê

Om behoorlik te kan onderskei wat jou eie persoonlike opinie van die Bybel is, of dalk 'n teksgedeelte in die Bybel, moet ons ook verstaan wat verklaring beteken. 'n Opinie word bepaal vanuit iemand se persoonlike perspektief. Jou opinie word beïnvloed deur jou agtergrond en jou lewenservaring. Dit is hoe jy self na iets kyk. 'n Verklaring is om in menslike woorde te sê wat God sê in Sy Woord en wat dit prakties beteken wat in die Bybel staan. Dit is om die geskiedenis en agtergrond van die Bybel te verstaan, en te kan sê wat die gedeelte beteken soos God dit bedoel. Ons moet altyd bid om reg te hoor wat die Here in die Bybel sê.

***Onthou:***

*"U Woord is 'n lamp vir my voet*
*en 'n lig vir my lewenspad,"*
*Psalm 119:105 (2020-vertaling).*

## Hoe ek die Bybel lees

Om maklik te onderskei tussen dit wat God bedoel en hoe ons dit moet verstaan, gebruik ons 'n paar riglyne wat ons in die vorm van vrae stel. Dit is natuurlik baie belangrik om nie net 'n versie te lees nie, maar die hele konteks of gedeelte waarbinne dit staan. Dit is goed om gedurig te bid en te vra om die leiding van die Heilige Gees. Ons doen dit veral ook wanneer ons Bybel lees.

- Bid voor jy lees. Vra die Heilige Gees om jou te help verstaan.
- Lees elke dag die Bybel.
- Probeer die hele Bybel in een jaar deurlees.
- Lees 'n teksgedeelte .
- Lees die gedeelte weer aandagtig deur.
- Vergelyk ander gedeeltes in die Bybel wat oor soortgelyke onderwerpe gaan.

## Goeie vrae om jouself dan te vra

- Wat openbaar God hier van Homself?
  (Bv. oor die Vader, Seun en Heilige Gees)
- Hoe openbaar Hy dit?
  (Bv. deur 'n profeet, of praat Hy self)
- Vir wie word dit gesê?
  (Bv. Aan 'n groep mense, 'n volk of 'n persoon)
- Waarom word dit gesê?
  (Wat is die rede?)

## Hoe moet ek bid met Bybellees?

Die Onse Vader is die volmaakte gebed wat ons Here Jesus vir Sy dissipels in die Bergrede geleer het oor hoe om reg te bid. Een van die mooi kenmerke van die Onse Vader is dat dit begin by die eer van God, en eindig by die eer van God. Ons gebede moet nooit begin met wat ék as mens graag wil hê of graag wil doen nie. Ons lewe en ons gebede moet één wees voor God. Daarom dat ons gebede by God moet begin ... bv. Onse Vader wat woon in die hemel ... laat U Naam geheilig word. Alles begin by God. Hy is die gewer van alle goeie gawes. Die Onse Vader is in 6 bedes (kleiner gebede) opgebou (U Naam, U koninkryk, U wil geskied, gee ons, vergewe ons, lei ons) – ALLES wys op God en HOE Hy wil hê wat en hoe ons moet bid tot Hom.

Gebed is die asemhaling van ons siel. Ons siel behoort aan God. Die Here praat met ons deur Sy Woord en ons bid deur die geloof tot God deur Sy Gees. Gebed is noodsaaklik en is die belangrikste deel van ons dankbaarheid teenoor God. God leer ons ons afhanklikheid van Hom. Ons almal staan onder Sy

heerskappy, nie nét die swakkeres en gebrokenes nie. In gebed ervaar ons ook God se onbegrensde liefde dat Hy ons aanvaar soos ons is, maar ons nooit sal los soos ons is nie. Hy skaaf en skuur ons deur die Woord en Gees kragtens Sy genade. God leer ons in gebed deur Sy Gees wanneer ons met Sy Woord besig is juis wat ware liefde is en hoe die liefde lyk wat Hy by ons soek.

Jy kan enige tyd van die dag met God praat deur te bid. Ons staan in verhouding tot God. Hierdie verhouding behels dat dit lewend sal wees en lewend gehou sal word. Moet nooit in die pad staan van God se lewenspad (verhouding) met jou nie. Jy kan enige iets met Hom deel – Hy wil hê jy MOET (Filippense 4:6) omdat jy as Sy kind in verhouding tot en met Hom staan. ONTHOU: gebed gaan in die eerste plek oor God en die geloofsverhouding waarin JY tot God staan. God bepaal self Sy verhouding met jóú.

Gebed moet nooit onderskat word nie. Soos Jakobus sê in sy brief: die gebed van die gelowige het groot krag. Glo dít, en die belangrikste is DOEN DIT! Pas dit prakties toe in jou geloofsverhouding tot God. Ons gebedslewe is 'n "heeldag" lewe ... en nie nét oggend en aand nie, maar die hele dag.

## Waar kry ek meer inligting?

Baie mense lees net die Bybel sonder om meer moeite te doen om die agtergrond van die Bybel te leer ken. Daar is egter verskillende maniere om meer kennis op te doen, soos die volgende:

### In die Bybel self

Die meeste Bybels wat vandag verskyn, het kort inleidings voor elke Bybelboek waarin baie kosbare inligting meegedeel word. Daar is gewoonlik ook tydlyne of kaarte om te help, en sommige Bybels het beskrywings agter in wat sekere terme verklaar. Dit is ook goed om meer as een vertaling te gebruik. Soek verder die gedeeltes in die Bybel waar dieselfde woord of uitdrukking ook voorkom. Dit help om te sien wat God alles in die hele Bybel sê.

### In die kerk

Ons kan meer inligting kry deur die bywoning van die erediens. Woordbedienaars is geroep en word opgelei om die Bybel te kan verduidelik en toepas.

### Boeke

Daar is baie geestelike boeke wat kan help om meer inligting te kry. Daar is verskeie maniere om boeke te kry deur onder meer boekwinkels, kerklike instellings of mense. Baie mense gebruik ook dagstukkies.

### Op die internet

Die internet het baie maklike toegang tot nuttige materiaal wat soms gratis beskikbaar is. Daar is veral baie Engelse bronne wat algemeen beskikbaar is. Daar is gewoonlik ook op verskillende kerke se webtuistes skakels na bronne. YouTube het baie oulike video's wat kan help.

### Selfoontoeps

Daar is verskeie selfoon- en rekenaartoepassings wat baie handig te pas kom. Die meeste is gratis.

### Bybelstudiegroepe

Baie kerke en gelowiges hou saam Bybelstudie waartydens mense saam meer leer oor die Bybel. Dit is goed en lekker om saam met ander mense te groei in jou geloof (gemeenskap van gelowiges).

### Belydenis

Deur die geskiedenis het gelowiges diep nagedink oor die betekenis van die Bybel. Hierdie betekenis word dan soos 'n opsomming saamgevat in belydenisse. Dit is goed om jou geloofsbelydenis te toets aan ander belydenisse en die Bybel.

## Hou aan ...

God maak Homself aan ons bekend in Sy Woord en help ons om dit te verstaan deur die werk van die Heilige Gees. Die Bybel is altyd nuut en aktueel, omdat God self daardeur met ons praat. Dit beteken dat ons gereeld die Bybel moet lees om God se stem te hoor. Maar dit beteken ook dat ons dieper studie moet doen om die betekenis van die Bybel na te gaan.

## *Kyk gou na die video*

## Beantwoord die volgende vrae:

1. Waarom is dit belangrik om gereeld Bybel te lees?

2. Hoekom behoort mens nie net een versie te lees nie?

3. Wat is die verskil tussen 'n opinie en 'n verklaring?

4. Watter hulpmiddels is daar om die Bybel reg te verklaar?

5. Watter vrae kan gebruik word om beter te lees?



# Hoofstuk 5
## Wie is ek in my gemeenskap?

### Uitkomste:

*Aan die einde van die hoofstuk behoort jy:*

- Te kan sê wat "beeld van God" beteken.
- Te kan verduidelik waar God wil woon.

### Oorsig:

Wie is ek? Wat maak ek hier? Is ek regtig uniek, of is ek maar net 'n klein ratjie in 'n groot masjien? Wat gaan van my word? Hoe gaan my lewe uitdraai? Wie is God vir my? Gaan ek gelukkig wees? Wat gaan met my gebeur as ek eendag doodgaan? Wat beteken my lewe nou eintlik?

'n Mens kry natuurlik nie dadelik antwoorde op al jou vrae nie. Die feit dat ons hierdie tipe vrae kan vra, beteken dat ons mense is. Diere en plante het nie die manier om hierdie soort vrae te vra nie. Slegs die mens is so gemaak om na te dink oor wie jy self is en wat jy in die lewe moet doen. Wat is jou groot lewensvraag tans? Vrae is belangrik, maar nog belangriker is die antwoord. God se Woord gee die antwoorde op ons vrae. Ons kyk nou na twee algemene vrae in die lewe:

- Wat is die mens?
- Wat moet die mens doen?

In die volgende twee hoofstukke kyk ons wie die mens is. In die hoofstukke daarna kyk ons wat die mens se werk is.

### Die mens is na God se beeld geskep

Die mens is deur God geskep. Dit het op die sesde skeppingsdag plaasgevind. Die skepping van die mens was die hoogtepunt van God se werk. Die mens het 'n unieke plek gekry. Die mens word na die beeld van God geskape. Die mens is na God se gelykenis gemaak. So sê die Here self in die Bybel: *"En God het gesê: Laat Ons mense maak na Ons beeld, na Ons gelykenis,"* Genesis 1:26. Toe God gesê het: "laat Ons mense maak" beteken "Ons" dat dit God die Vader, Seun en Heilige Gees is wat skep. Die mens word in 'n unieke band met God geskep. God bedoel dat die mens as Sy kind geskep word.

Baie keer word gesê dat die mens 'n slim soogdier is. Dit is eintlik verkeerd, want die mens is nie 'n dier nie. Ons weet dit omdat die Bybel ons iets belangriks hieroor leer. Net die mens het die asem van die lewe. So staan dit in Genesis 2:7: *"En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword."*

***Onthou:***

*"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis,*
*en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel*
*en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.*
*En God het die mens geskape na sy beeld;*
*na die beeld van God het Hy hom geskape;*
*man en vrou het Hy hulle geskape,"*
*Genesis 1:26-27 (1933-vertaling).*

## Mense is nie diere nie

Die diere lewe ook en het 'n siel, maar die asem van die lewe is nie in hulle neus geblaas nie. Die Bybel bedoel dat die Gees van God as die asem van die lewe in die mens gekom het. Net die mens self het dit gekry. Die mens is in hierdie unieke posisie geskep dat God se Gees in die mens gebly het. Dit is eintlik die groot bedoeling van die Here: Hy wil by die mense bly wat Hy geskep het. Later brei die Bybel baie uit op hierdie gedagte dat die mens as God se huis (tempel van God) geskep is. God woon in mense vir wie Hy geloof gegee het. Ons is God se huis, Sy woning, Sy tempel.

## God se woning op aarde

Met die sondeval het hierdie unieke band gebreek wat die mense met God het. Die sonde het God se huis vuil en onheilig gemaak. God is 'n goeie God vol skoonheid sonder sonde. Hy is heilig en wil nie woon in 'n onheilige en vuil huis nie. Tog het die Here lief gebly vir Sy kinders. Hoe kon Hy wees wie Hy is – skoon en heilig, én bly by Sy kinders wat vuil en onheilig geword het?

Die Here het dit op 'n baie unieke manier gedoen. Hy stuur Sy Seun uit die hemel na die aarde toe. Sy Heilige Gees kom weer op Sy Seun. Hy betaal aan die kruis met Sy lewe vir Sy kinders se sondes. Daardeur maak Hy Sy huis weer skoon.

Deur die Heilige Gees gaan bly Hy weer in die harte van Sy kinders. Hy woon weer in Sy huis, Sy kerk. Dit beteken dat ons lewens as God se huis geheilig word. Ons mag ons lewe net daarvoor gebruik: dat God in ons kan woon. As God by ons bly, beteken dit klomp dinge vir ons. Ons liggame is tempels van God. Ons lewe moet nie die sonde en verkeerde dinge in die samelewing plek gee nie. Die heilige God bly in 'n heilige huis: Sy kinders se lewe. Ons lewe moet toon dat God hier bly. Ons kan dit doen as ons in Jesus Christus glo wat deur die

Heilige Gees in ons bly.

## *Kyk gou na die video*

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. *Na wie se beeld is die mens geskep?*

2. *Hoe verskil 'n mens en 'n dier?*

3. *Wat het God gesê toe Hy die mens gemaak het?*

4. *Hoe lyk God se huis?*

5. *Wat beteken dat God se huis heilig moet wees?*



# Hoofstuk 6
## Hoe bou God ons gemeenskap?

### Uitkomste:

*Aan die einde van die hoofstuk behoort jy:*

- Te kan verduidelik dat God met die mens vir Hom 'n huis bou.
- Te kan sê hoe God 'n gemeenskap bou.

### Oorsig:

Ons het gesien dat God die mens uniek gemaak het. Die mens is gemaak om God se huis te wees. God wil by ons bly. Hierdie band wat God geskep het met die mens is baie mooi. God praat van Homself en sê "Ons" toe hy die mens maak. "Laat Ons mense maak." Daarmee wys God dat Hy die Drie-eenheid is, Vader, Seun en Heilige Gees. God wil nie dat die mens alleen moet wees nie. Toe God Adam as die eerste mens geskep het sê God: *"Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir Hom 'n hulp maak wat by hom pas,"* Genesis 2:18. Die Here het Adam toe baie diep aan die slaap gemaak. Hy vat toe een van sy ribbes en bou die rib tot 'n vrou.

***Onthou:***

*"En die HERE God bou die rib wat Hy van die mens geneem het,*
*tot 'n vrou en bring haar na die mens,"*
*Genesis 2:22 (1933-vertaling).*

Hier leer die Here ons baie dinge. Die menslike geslag kom almal van een plek af. Ten eerste van God self af as Vader en Skepper van die mens. Tweedens dat alle mense uit Adam afstam. So sê Paulus later ook hiervan: *"Want soos die vrou uit die man is, so is ook die man deur middel van die vrou; maar alles is uit God,"* 1 Korintiërs 11:12.

### Die vrou gebou

Die Here leer ons dat Hy die vrou bou. Met hierdie woord "bou" wys God hoe Sy huis moet lyk waarin Hy wil bly. Daarmee wys Hy dat Hy besig is om vir Homself 'n huis te bou. God wil by die mense woon wat Hy geskep het. God wys dat Hyself 'n heilige gemeenskap is: die Vader, Seun en Heilige Gees. Hulle is saam een. God wil in liefde woon – in die besonder by die mens. God bou die vrou sodat die eerste mens, Adam, nie alleen moet wees nie. God wil dat ons ook as mense in 'n gemeenskap saam moet lewe.

## God se huis

Ons moet ook 'n heilige gemeenskap wees. Saam met God as Sy huis, en saam met mekaar in ware liefde. As ons hier 'n stad bou, 'n samelewing, moet ons onthou wat God eerste gebou het: 'n vrou vir Sy menslike seun, Adam. Ons stad moet 'n plek van mense wees waar God saam met ons woon en ons mekaar lief het. God gee gemeenskap. As die sonde dit stukkend maak, herstel Hy dit. Hy doen dit deur Sy eie Seun, ons Here Jesus Christus. God heilig gemeenskap. Hy doen dit deur die Heilige Gees te stuur om in mense se harte te woon.

## Trou

Die eerste man en vrou wat God geskep het se name was Adam en Mannin. Haar naam wys dat sy uit die man se rib gebou is. Saam is hulle 'n gemeenskap waar God met hulle wil woon in die tuin van Eden. God gee die man sy eie vrou – Hy bou vir hom 'n vrou. Daarmee stel God die huwelik vir die mensdom in. Dit beteken dat God getrou is en dat Hy doen wat Hy sê. Hy het gesê dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Hy het vir hom 'n vrou gebou. Hy vat die vrou na die mens toe.

Die man en die vrou moet nou weer getrou bly aan die Here deur saam vir Hom 'n huis te wees. Om dit reg en goed te doen, moet hulle nou ook aan mekaar getrou wees. Die huwelik is om getrou te wees. Ons woord "om getroud" te wees, wys juis dit uit. Om te trou, is om getrou te wees aan God en mekaar.

## Christus die Bruidegom

Dit is 'n wonderlike ding om aan deel te hê. As 'n man en vrou trou, moet hulle onthou: God het 'n huis vir Homself gebou. Sy huis is Sy kinders. Om getroud te wees, beteken dan dat elke man en vrou simboliseer dat God in Sy huis wil woon. Die huwelik wys daarom op twee mooi dinge: dit wys dat God die Vader Sy kinders geskep het. En dit wys ook dat God die Seun Sy kerk as Sy vrou neem. Daarom word ons Here Jesus Christus die Bruidegom genoem en die kerk, die gemeente, die bruid. Om 'n stad te bou, is groot en belangrike werk. Die bouers moet weet hoe God bou. God bou Sy huis. God bou 'n vrou vir Sy Seun. God bou Sy gemeenskap. Dit is die beginpunt, kern en hartklop van enige gemeenskap.

*Kyk gou na die video*

## Beantwoord die volgende vrae:

1. *Wat bedoel God as Hy sê: "Laat Ons mense maak?"*

2. *Waaruit het God die vrou geskep?*

3. *Hoe bou God 'n gemeenskap?*

4. *Wat beteken dit om getrou te wees?*

5. *Waar het God die huwelik ingestel?*



# Hoofstuk 7
## My werk en goeie werke

### Uitkomste:

*Aan die einde van die hoofstuk behoort jy:*

- Te kan onderskei tussen werk en roeping.
- Te kan onderskei tussen 'n slaaf en 'n kind se werk.

### Oorsig:

Gewoonlik dink mens jou werk is dit waarvoor jy geld kry. Nou is dit so dat mens betaal word vir werk wat jy doen. Maar daar is meer in 'n mens se lewe betrokke as net geld. Dit gaan oor geluk. Wanneer maak 'n mens se werk jou gelukkig? Baie mense is verbaas om te hoor as iemand sê: 'geld kan jou nie volkome gelukkig maak nie.' Dit gaan daaroor of jou werk vir jou sin maak. Voel jy sinvol as jy werk? Kan jy insien dat jou lewe betekenis het deur jou werk?

In hierdie hoofstuk kyk ons na wat dit beteken dat my werk nie 'n las is nie, maar deel van my Godgegewe roeping. As my werk my lewenstaak is, dan vind ek sin en betekenis in dit wat ek doen, omdat ek dit doen vir die Here en nie vir mense nie. Werk gaan oor meer as net geld maak. Werk moet ook gaan oor jou roeping. Jou beroep moet ook jou roeping wees.

### Waarvoor roep die Here jou?

Hoe weet mens wat is 'n roeping? Belangriker nog: hoe weet ek wat is my roeping? Ons kyk eers na wat die woordjie "roeping" beteken. God beveel die mens om te werk: *"Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen,"* (Eksodus 20:9). Let mooi op wat God sê: "jou werk". Die mens kry 'n bepaalde opdrag van God – jy moet jou werk doen. Om nou te weet wat my werk is moet ons bietjie nader kyk na die drie woorde wat hier vir "werk" gebruik word.

**Onthou:**

*"Ses dae moet jy arbei*
*en al jou werk*
*doen,"*
*Eksodus 20:9 (1933-vertaling).*

## Arbei

Dit klink asof al die woorde maar dieselfde bedoel. Tog wys die Here hier baie mooi wat Hy bedoel met roeping. Die woord "arbei" beteken om "seun-kind" werk te doen. Toe die Here vir Adam gemaak het, het Hy Adam as Sy kind, as Sy seun geskep (Lukas 3:38). Die Here het vir hierdie eerste seunskind van Hom, Adam, reeds vroeg die opdrag gegee om die aarde te bewerk en te bewaak (Genesis 2:15). As die Here nou sê dat die seun moet arbei, beteken dit dat ons die werk moet doen wat 'n kind van die Here doen.

## Slaaf of kind?

Ons het telkens gesien dat die mens nie geluister het wat God sê nie. Die mens het sonde gedoen en juis nie meer sy werk as kind van God gedoen nie. Die mens se arbeid het daarom vir hom swaar geword en 'n vloek geword. Die mens het 'n slaaf van sy werk geword. Party mense is verslaaf aan hulle werk, en ander mense is slawe van hulle werk. Dit beteken dit is iets wat mens gedwing voel om te moet doen, maar daar is nie genot en sinvolheid in nie. Jou werk is nie lekker nie. 'n Mens wat sy werk as 'n slaaf doen, word afgestomp, mens sug en kry swaar. Jy kla en voel dat jou werk soos 'n swaar las jou druk. Die werk is jou baas, en jy is die slaaf.

Hoe hartseer is dit nie met die sonde van die mens nie? In plaas daarvan dat ons 'kind' werk verrig met vreugde en sin, gebeur die teenoorgestelde. Ons werk verslaaf ons. 'n Slaaf word gedwing om te werk. 'n Slaaf kry eintlik nie erkenning nie. 'n Slaaf se hele lewe gaan op in hierdie swaarkry van die werk. Om jou roeping agter te kom, moet jy dus vir jouself vra: werk ek as kind van die Here of is ek 'n slaaf in my werk?

## Doen

Die tweede werkwoord is "doen". Ses dae moet jy arbeid (seuns-kind werk) doen. Letterlik beteken dit afhandel of klaar maak. Jy moet dit effektief uitvoer. God gee die opdrag en Hy wil sien dat die een wat die opdrag gekry het, dit wel uitvoer. Jy moet die doel bereik. Ons weet almal hoe voel dit as iets nie afgehandel is, of as iemand anders sy werk half doen. Dit maak ons ongelukkig en ontevrede. Die rede is dat God werk wil laat afhandel. Jy moet jou werk doen, jy moet dit uitvoer. Dit sluit baie dinge in: voorbereiding, die werk self, om na te dink hoe jy dit gedoen het. Wanneer jy jou werk doen – as 'n roeping – dan ervaar jy sin in jou lewe. Jy voel jy beteken iets want jy kon iets afhandel. God het die mens geskape om deel te neem om die aarde te omskep met werk. Elkeen het sy eie stuk werk gekry wat God gee. God roep dan jou by jou naam om jou werk op 'n bepaalde tyd en plek te kom doen. Jy moet dit in 'n sekere tydperk van jou lewe afhandel.

## Jou werk

Jy het jou eie werk, niemand anders mag jou werk doen nie. Niemand moet jou werk oordoen omdat jy dit nie gedoen of goed genoeg gedoen het nie. Die woord "jou werk" het in die Bybel hier 'n baie diep betekenis. Die woord beteken 'die koning se boodskapper.' Met jou werk as arbeid wat jy moet doen, bring die Christen eintlik die Here, die Koning se boodskap uit die hemel oor na die aarde toe. God gee deur jou werk 'n boodskap van wie Hy is en wat Hy gedoen wil hê.

Jesus Christus is die Koning van alle konings. Hy is die Eienaar, Hy is die Baas van alle werke, Hy is die eintlike Werkgewer. As 'n gelowige met sy roeping besig is, dan bring jy die boodskap van die Koning oor na die aarde toe. Hierdie is 'n wonderlike werk waaraan 'n gelowige kan deel hê. God wys wat Hy gedoen wil hê, en Hy neem jou in diens, deur jou roeping, om daardie boodskap oor te dra. Slegs wanneer 'n mens in Jesus Christus glo, kan mens hierdie Koning se boodskap korrek oordra. Die gelowige kry deur die Heilige Gees die gawes en talente wat nodig is om hierdie deel van die Koningswerk te doen.

## God gee roeping

Om te werk, en om jou eie werk te doen, is baie meer as om net geld te verdien. Om jou werk reg te doen, is om met jou roeping besig te wees. God gee jou jou roeping. God gee Sy boodskap deur wat op die aarde moet gebeur met die stuk werk op aarde wat jy gekry het om te doen.

## Goeie werke

Wanneer ons die roeping navolg wat God in ons harte plaas, dan is ons besig om meer as net ons werk te doen. Goeie werke is nie net goeie werk nie. Dit beteken om deur ware geloof, uit God se wet alles te doen tot God se eer. Dit is om die werk te doen wat God vir jou voorberei het.

***Kyk gou na die video***

## Beantwoord die volgende vrae:

1. *Wat beteken roeping vir jou?*
2. *Wat is die verskil tussen 'n slaaf en 'n kind?*
3. *Voltooi die volgende sin: Ses dae moet jy _______ en al jou ______ _______.*
4. *Is ons werk 'n straf?*
5. *Hoe moet ek my roeping uitleef deur my werk?*
6. *Wat is goeie werke?*



# Hoofstuk 8
# My roeping en gebrokenheid

## Uitkomste:

*Aan die einde van die hoofstuk behoort jy:*

- Te kan sê wat goed en kwaad beteken in jou werk.
- Te kan sê wat saamwerk beteken.

## Oorsig:

’n Mens se werk is baie meer as dit waarvoor jy geld kry. ’n Mens se werk is dit waarvoor die Here jou roep om te doen. Daarvoor gee Hy aan elkeen die gawes wat jy nodig het om dié werk te kan doen. Die Here wil hê dat ons met ons werk Hom as die Koning gehoorsaam. Dit beteken dat ons werk altyd te doen het met goed of kwaad. As die Here vir Adam in die tuin van Eden sy werk aanwys, sê God dat Hy dit moet bewerk en bewaak. Ons het in die vorige hoofstuk gekyk wat dit beteken om jou werk as roeping uit te voer. Nou kyk ons wat beteken dit dat mens moet bewaak terwyl jy werk.

## Adam se plek in die tuin

Die Here gee aan Adam ’n plek in die tuin van Eden. Die Here stel hom aan in sy posisie. God gee aan Adam die opdrag om die tuin te bewerk. Dit beteken dat Adam as seun en kind van God die wil van sy Vader moet uitvoer. Dit is ’n belangrike werk. Adam begin deur vir die diere hulle name te gee. Daardeur sê Adam eintlik wat God se doel en rol vir daardie diere is. Adam moet egter nie net name gee nie. Hy moet ook oppaswerk doen, hy moet ook die tuin van Eden bewaak.

Die tuin van Eden was ’n regte tuin in Mesopotamië, dit was in die huidige Irak waar die Eufraat- en die Tigrisriviere is. Die woord Eden beteken vreugde en plesier. Die tuin van vreugde en plesier moes Adam ook bewaak. Hierdie tuin was nie net vir die mens vreugdevol nie, maar ook vir God. Die paradys, Eden, het dus te make ook met God se vreugde. God het blydskap en vreugde as die mens in die plek waar God hom stel, juis doen wat God wil. Die paradys van God is waar God gedien word in liefde en waar God vreugde vind in die diens van die mens.

**Onthou:**

*“Toe het die HERE God die mens geneem*
*en hom in die tuin van Eden gestel*
*om dit te bewerk en te bewaak,”*
*Genesis 2:15 (1933-vertaling).*

## Adam se taak

God het in Adam se neus die asem van die lewe geblaas. Daardeur het Adam lewendig 'n siel geword. Hy het 'n band met God gehad omdat God se Gees in hom gewoon het. God geniet dit om die lewe so te deel met Sy kinders. God is heilig en goed. Adam as God se kind moes sy werk in die tuin van Eden goed doen. Dit het God groot vreugde verskaf. Hierdie goedheid en hierdie mooi manier van lewe moes Adam oppas. Hy moes die tuin van Eden bewaak. Hy moes toesien dat die goeie dinge wat God daarin gesit het juis daar binne bly. Die woord vir bewaak beteken dan ook om 'n heining rondom iets te sit. Amper soos wat mens 'n muur of 'n tuin heining sou maak. Wat binne is, moet mooi binne bly; en wat buite is en wat sleg is, moet buite bly.

## Sonde maak sleg wat goed is

Op die tyd toe die Here vir Adam die werk in die tuin van Eden gegee het, het die duiwel al in die hemel teen die Here in opstand gekom. Die satan is God se teenstander. Hy breek alles af wat God wil laat bou. Die satan is boos en sleg en kan die goedheid en heiligheid van God nie verdra nie. Die satan is baie jaloers op die mens, veral omdat die Here Sy heerlikheid en goedheid aan die mens gebind het. Dit wat die mens van God gekry het, dat die mens na die beeld van God gemaak is, dit wou die satan juis vir homself vat. Die satan het 'n opstand in die hemel gereël. Hy het 'n derde van die engele oortuig om saam met hom te kom. Dit het gelei tot 'n groot geveg in die hemel en die duiwel is uiteindelik uit die hemel gedryf onder aanvoering van 'n ander sterk engel.

## Die duiwel breek alles

Hierdie deel van die hemel se geskiedenis is baie belangrik vir ons om te verstaan. Dis die rede hoekom die Here vir Adam sê om die tuin van Eden op te pas. Die duiwel wou juis daar verder moeilikheid maak en die Here probeer verneder deur Sy kind op aarde teen hom te laat draai. God gee voor die tyd vir Adam dan die opdrag: pas die tuin van Eden op. Sorg dat vreugde en plesier nie tussen ons verdwyn deurdat die satan dit deurmekaar kom krap nie. Adam moes die werking van die Heilige Gees in sy lewe, die goeie dinge wat God hom gee en gun juis mooi oppas.

## Bewerk en bewaak wat God gee

In Genesis 3 lees ons dat Adam dit nie enduit kon regkry nie. Die satan het as 'n slang hom in 'n strik gevang en hy het teen God oortree. Daardeur het die bose en die kwaad op die aarde posgevat. Ons sit nou nog met die verskriklike gevolge daarvan. Die satan het die hele wêreld teen God probeer draai. Die duiwel soek nou nog mense om met hom saam te werk sodat God teengestaan kan word.

God is en bly 'n goeie God. Hy laat nie los dit wat Hy begin het nie. Hy hou Sy band en Sy liefde vir Sy kinders in stand. Om dit te bewys, stuur Hy Sy Seun, Jesus Christus. Hy het al die slegte skuld van die mense op Homself gelaai en met Sy lewe daarvoor betaal. Hy het die kwaad oorwin. God pas Sy eie eer en vreugde op. Die mense wat in Jesus Christus glo, het die Heilige Gees in hulle. Daardeur gee God Sy eie goedheid vir Sy kinders terug. Ons moet dus die goeie dinge van God in die lewe oppas en die slegte dinge teenstaan.

## Saam met wie werk jy?

Mens kan met jou werk saam met God werk of jy kan teen God werk. Jy kan die goeie behou en oppas of jy kan die kwaad aanhelp en kwaad stig. Ons moet saamwerk om die goeie te bewaak. Ons moet ons werk oppas, ons werk moet die goeie bewerk. Nooit en nêrens mag Christene dit toelaat dat die kwaad die oorhand kry nie. Ons kan dit doen, want Jesus Christus het reeds aan die kruis die kwaad gewen. So oorwin ons die kwaad deur die goeie.

## *Kyk gou na die video*

## Beantwoord die volgende vrae:

1. *Wat is goed en kwaad in jou werk?*

2. *Waar het God vir Adam plek gegee?*

3. *Voltooi die volgende sin: Die Here wil dat die mens die tuin _________ en _______*

4. *Hoe oorwin God die kwaad?*

5. *Wat doen die duiwel met werk?*



# Hoofstuk 9
## Wat is 'n ware gemeenskap?

### Uitkomste:

*Aan die einde van die hoofstuk behoort jy:*

- Te kan sê dat God gemeenskap skep.
- Te kan verstaan wat is die beeld van die boom en bos.

### Oorsig:

Die mens is geskep om deel van 'n groep te wees. Die Bybel leer dat die groep 'n gemeenskap is. Om 'n gemeenskap te wees, beteken om saam te wees. Die Bybel leer dat God wil hê dat die mens saam met Hom lewe – dit beteken in gemeenskap met Hom. God is Drie-enig – Vader, Seun en Heilige Gees. Toe God die mens gemaak het, het Hy gesê: *"Laat Ons mense maak,"* (Genesis 1:26). Daarmee bedoel God duidelik dat Hy wil hê dat daar meer as een mens moet wees. God het selfs gesê dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie. In hierdie hoofstuk kyk ons wat beteken dit om "alleen" en om "saam" te wees.

***Onthou:***

*"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis," Genesis 1:26 (1933-vertaling).*

### God van gemeenskap

God is 'n God van gemeenskap – van saamwees. God hoef nie die mens te geskep het nie. Tog het Hy, omdat Hy goed is en gemeenskap wil deel. Die Here is ook 'n God van orde en balans. Die Vader, die Seun en die Heilige Gees is 'n heilige gemeenskap. Dit beteken Hulle is in volkome liefde een. Tog verdring Hulle nie mekaar nie. Die Vader het die Seun lief, die Seun het die Vader lief, en hierdie liefde is so volmaak dat die band wat hulle met mekaar het die derde Persoon is, naamlik die Heilige Gees. God leef in liefde en in orde. Hy wil Homself deel met Sy skepping. Hy wil in volkome liefde lewe met die mense wat Hy geskep het.

### Die mens in gemeenskap met God

Die mens is na die beeld van God geskep. Dit beteken die mens lyk soos God wat hom geskep het. Ons ken dit ook in ons lewens. Ons sal baie keer sien 'n seun lyk op 'n haar soos sy pa. Tog is hy nie die pa nie, maar hy lyk soos die ouer. So het God die eerste mens gemaak as Sy kind, as Sy seun. Dit beteken dat die mens 'n band met God het wat baie uniek is. God wat die Skepper is, is ook die Vader van Sy skepsel, die mens. Die band met God is die basis van alle goeie

gemeenskap. Wanneer die mens God ken, en weet dat die mens na God se beeld geskep is, dan moet die mens ook lyk soos God. Dit beteken dat ons kan saam leef op die aarde sonder dat die een die ander een verdring.

## Boom én bos

Ons kan hierdie punt met 'n mooi voorbeeld uit die natuur verduidelik. Almal weet wat 'n plantasie is – dit is 'n klomp bome wat saam 'n bos vorm. Een boom alleen is nie 'n bos nie. En al die bome in die bos is weer nie een boom nie. Elkeen het sy plek, en saam vorm al die bome die bos.

Vir Christene is dit baie belangrik om hierdie onderskeid te ken tussen "die boom" en "die bos". Dit beteken veral twee dinge:

- Ten eerste beteken dit dat God elke mens persoonlik gemaak het. Jy het jou eie naam, plek en aansien voor God se oë. Elke mens is uniek. Elke mens het sy eie gawes. Almal hoef nie presies dieselfde te wees nie. Die Here self wys dat elkeen uniek is. So skep Hy 'n manlike mens, Adam. Uit Adam se rib skep Hy 'n vroulike mens, Mannin. God wil hê dat die mens elkeen uniek is. Jy mag jou eie persoon wees, jy mag jou eie persoonlikheid hê. Jy mag jou eie gawes uitleef soos God dit vir jou gegee het.

- Ten tweede beteken dit dat God jou 'n groepmens gemaak het. God wil in liefde saam met Sy kinders bly op die aarde. God gee aan die man 'n vrou. Hy wil hê hulle moet in die huwelik saam lewe. God beveel dat die huwelikspaar ook kinders moet hê. God wil dat die mensdom in gemeenskappe lewe – saam met Hom en saam met mekaar. Jy mag dus deel van 'n groep wees. God wil dit juis so hê. Dit is hoe God die gemeenskap(pe) opbou.

## Verniel die bos en die boom

Ons het nou gesien dat die enkeling en die groep vir God belangrik is. God as Vader, Seun en Heilige Gees skep mense. Hy wil in liefde saam met dié mense woon en wil hê dat hulle elkeen én almal saam ook in liefde met Hom en met mekaar lewe.

Hoekom gebeur dit dan dat dit wat God juis wil hê baie keer nie in ons samelewing so is nie? Ons sien baie keer die teenoorgestelde van dit wat God wil hê. Ons sien baie keer mense wat onderdruk word, deur groter en sterker mense verhinder word om te wees wat hulle in God se oë kan wees. Dink maar aan al

die verskriklike dinge waar mense gekeer word om hulleself te wees wat God sê hulle mag wees. Ons kan baie voorbeelde noem: kinders wat seergemaak en gemolesteer word, vrouens en mans wat deur hulle huismense verniel word, bejaardes wat alleen gelos word, mense wat agterdogtig is oor ander mense se bedoeling omdat hulle al so seergemaak is deur ander in die verlede. Mense wat stry en baklei, moorde en verkragtings. Daar is te veel om op te noem.

As die boom en die bos vergeet word, kom daar altyd moeilikheid. God wil nie net enkelbome sien nie. As mense vereensaam, as hulle alleen word, is dit nie wat God bedoel het nie. God wil ook nie net die bos sien nie. As mense onderdruk word, as mense uitgedruk word uit die samelewing, as mense nie hulle regmatige plek mag hê wat God hulle gee nie, dan is dit ook teen die bedoeling van God. Deur die sonde vereensaam mense. Deur die sonde verdruk een groep mense die ander mense. God wil dit glad nie hê nie.

## ’n Nuwe plantasie

Daarom het God juis Sy eie Seun, Jesus Christus gestuur om al die verkeerde dinge reg te maak. Hoe doen die Here Jesus Christus dit?

- Hy betaal aan die kruis vir die sonde en maak die sonde dood. Hy neem dit weg wat verkeerd gegaan het.
- Hy wys hoe dinge reg gemaak word, deur Sy Woord, die Bybel. Dit doen Hy deur Sy Heilige Gees te gee in die mense wat gelowig word. Deur die Heilige Gees herstel die Here Jesus die liefdesband.
- Die band wat stukkend geraak het met God, die band wat afgesny is met ander mense.

## God herstel regte gemeenskap

God leef in Sy liefde deur Sy Heilige Gees in Sy kinders. Daardeur herstel Hy weer die ware gemeenskap soos Hy dit bedoel het. God het elke mens uniek geskep, en saam vorm mense deel van ’n groep. In Christus kan ons weer ’n gemeenskap wees soos God dit bedoel. Elkeen en almal moet hulle deel doen, want die boom en die bos maak vir God saak.

***Kyk gou na die video***

## Beantwoord die volgende vrae:

1. *Wat dink jy beteken "gemeenskap"?*

2. *Watter beeld verduidelik "een mens" en "die groep" in die hoofstuk?*

3. *Hoe is die mens in gemeenskap met God geskep?*

4. *Na wie verwys die "Ons" waar God sê: "Laat Ons mense maak"?*

5. *Hoe herstel God gemeenskap?*



# Hoofstuk 10
## Gemeente in my gemeenskap

### Uitkomste:

*Aan die einde van die hoofstuk behoort jy:*

- Te kan sê wat die unieke plek van 'n gemeente in die gemeenskap is.
- Te kan verstaan wat die verskil is tussen diakenswerk en maatskaplike ontwikkeling.

### Oorsig:

Die kerk is die liggaam van Christus. Die Bybel leer dat die kerk in die wêreld is, maar nie van die wêreld is nie. Die evangelie van Jesus Christus is een van geloof, hoop en liefde. Die beteken dat die kerk in die wêreld is om hierdie boodskap uit te dra en uit te leef. Christene en Christelike kerke is in die wêreld maar nie van die wêreld nie.

### Stukkende wêreld

Kerke leef in die alledaagse, stukkende wêreld. Die ramp van die sonde en die groeiende gevolge daarvan is pynlik deel van ons aardse bestaan. In 'n stukkende en verskeurde wêreld wil God deur Sy kerk die boodskap van hoop bring. Die duisternis neem in die wêreld baie vorme aan, ook in nood en armoede wat alle hoop wil versmoor. Christene is geroep om aan die wêreld hoop te gee. Om dit reg, goed en betyds te doen, moet mens weet wat presies die nood van die wêreld is. Aangesien die kerke altyd deel vorm van sekere gemeenskappe is dit belangrik vir die kerke juis om ook te weet hoe daardie gemeenskappe saamgestel is en funksioneer. As daar vasgestel kan word waar presies die nood is, kan die hulpverlening ook meer doelmatig wees.

### Diaken se werk in gemeenskap

Die Nuwe Testamentiese kerke het reeds vroeg diakens gehad. Die is 'n ampswerk wat die Here ingestel het om op 'n sekere terrein in die gemeentes te fokus. Die amp is baie oud en word onderskei van mense wat die Woord verkondig en ander wat die regeerwerk in die kerk verrig. Die werk van diakens is veral om die barmhartigheid van die Here vir die gemeente te leer met praktiese liefdediens. Die amp se diens het 'n binne en 'n buite gerigtheid. Dit beteken daar is dinge wat spesifiek binne die gemeente plaasvind en dan is daar dinge wat die gemeente na buite raak omdat die gemeente deel vorm van 'n bepaalde gemeenskap se bestaan.

## Hulp: hande en voete

Hulp is nie maar net materiële hulp nie, dit het ook 'n geestelike kant. Die mens is liggaam, siel en gees. Dit beteken dat die mens se nood ook beslis op al hierdie vlakke lê en aangespreek moet word. Die Here Jesus het geleer dat liefdesdiens nie maar net mag wees dat mens bloot kennis neem van iemand se nood en slegs in een opsig wil help nie. Die Bybel leer dat die mens in sy volheid raakgesien moet word.

***Onthou:***

*"As daar nou 'n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het, en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie — wat baat dit? Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood," Jakobus 2:15-17 (1933-vertaling).*

Geloof het hande en voete. Gemeentes is geplaas binne in 'n sekere gemeenskap. Om effektief en kragtig in die geloof op te tree, behoort mens ook te weet wat presies die nood in 'n gemeenskap is.

Die nood en uitdagings wat die Afrikaanse gemeenskap tans mee gekonfronteer word, is baie groter as wat een individu of een gemeenskapsorganisasie of een kerk kan aanspreek. 'n Gesamentlike aanpak is nodig. Samewerking is 'n Bybelse beginsel, naamlik dat al die gawes wat die Here gee, benut en gebruik word. Aan elke gelowige, trouens aan elke gemeente, is unieke gawes toegedeel. Die gawes het God gegee met die oog op die opbouing van die gemeente. Deel van die uitbou is ook om na buite hoop uit straal. Werksverdeling waar verskillende mense verskeie take uitvoer is 'n Bybelse beginsel.

## Organiseer gawes in gemeenskap

Christelike organisasies wil juis ook op die basis funksioneer dat hulle die gawes wat God gee, op 'n bepaalde plek aanwend. Aangesien daar orde in God se werk is, behels dit ook dat daar grense gestel is. Kortliks kom dit daarop neer dat die kerk 'n bepaalde opdrag en diens van God ontvang het, en dat Christelike organisasie ook hulle roeping, gawes en plek het. Dit is die kerk se taak om as liggaam van Christus die evangelie uit te dra en uit te leef. Dit is die Christelike organisasie wat op die maatskaplike terrein wil help se taak om binne 'n gemeenskap daarmee besig te wees. Die kerk kan en mag nie alles doen nie, en die maatskaplike organisasie kan en mag ook nie alles doen nie.

## Die kerk se unieke plek

Die kerk moet kerk bly en nie ander instellings se plek inneem nie. Die kerk is die eerste kernkring as huisgenote van God. Die kerk vorm deel van 'n breër gemeenskapslewe en mag nie as 'n afgeslote eiland net vir homself bestaan nie. Die kerk moet na binne en na buite gerig wees. Dit maak dat die kerk koninkrykgerig is. Baie maatskaplike probleme het 'n geestelike wortel. Die Christelik maatskaplike organisasie kan en mag nie die taak van die kerk vervul nie, maar daar moet wel saamgewerk word in één rigting. Solidariteit Helpende Hand is 'n Christelik-Maatskaplike organisasie, wat onder geen omstandighede die kerk se "werk" wil oorneem of ondermyn nie. Helpende Hand se fokus is op die breër gemeenskapsvlak wat ten eerste gefokus is op gemeenskapsontwikkeling. Die kerk se fokus is ten eerste om die gemeente van God geestelik op te bou en toe te rus. Die fokus van Helpende Hand is juis wat gaan doen jy met jou roeping in die koninkryk en gemeenskappe daarbuite sodra jy Sondae by die kerkdeure uitstap? Helpende Hand se fokus is nie om die kerk se werk te doen of oor te neem nie, maar juis om (ter wille van die voorbeeld) "kerk te wees" in die praktyk daarbuite. Die kerk en Helpende hand moet en mag nie teen mekaar werk nie, maar juis in een lyn SAAMwerk. God is die Groot Sender en wil hê dat ons holisties gefokus sal wees in ons gemeenskappe (en in ons gemeenskapsontwikkeling). Helpende Hand fokus juis op vorm en ontwikkeling van strukture met die doel tot volhoubaarheid. Die diakonie (diakens) is 'n struktuur wat God ingestel het.

Solidariteit Helpende Hand gaan vanuit die beginsel dat God roep om sodoende in die wêreld daarbuite volhoubaarheid in die gemeenskappe te bevorder. Solidariteit Helpende Hand fokus nie op armoede as sulks nie, maar op gemeenskapsontwikkeling. In eenvoudige taal plak Helpende Hand nie pleisters nie, daar word gewerk en strukture in plek gesit om die probleem te hanteer, op te los en te versterk. Dit gaan vir ons by Solidariteit Helpende Hand oor voorspoed en vooruitgang vir ons gemeenskappe. Daarom word daar gewerk om nie net armoede te verlig nie, maar om dit bowenal te verbreek en te voorkom. Dit is die fokus. Daar kan nie net gefokus word op verligting nie, maar Solidariteit Helpende Hand bring die hoop weer terug in gemeenskappe tot verligting en verbreking van ou negatiewe denke en gewoontes deur God se genade. Ons ken die ou spreekwoord wat sê voorkoming is beter as genesing. Dit is Solidariteit Helpende Hand se fokus: ontwikkeling, opbou, ophelp, verbreking en voorkoming. Daarom dat Helpende Hand in die lig van die Maatskaplike fokus holisties werk. Die begeerte is dat daar sáám met die kerke gewerk word en nie "teen" die kerke nie.

Die uitdra van die Woord en die geestelike behoud en opbou van mense moet deur die kerke plaasvind. Daar is 'n onderskeid tussen kerk en koninkryk.

Die kerk is die liggaam van Jesus Christus op aarde. Christus is die Hoof van die kerk en versorg Sy gemeentes met Sy liefde en barmhartigheid. Hy doen dit deurdat die Heilige Gees mense as gawes en mense met gawes in elke gemeente stel. Hy organiseer hierdie gawes deur die diakens sodat Sy barmhartigheid en Sy liefde na vore kan tree. Die kerk se taak is om die Woord van die Here uit te dra met woord en daad. Dit beteken dat die kerk vir die ongelowige wêreld moet wys hoe lyk dit as God Sy kinders versorg. Die gerigtheid van die diakens is dus ten eerste die opbou van die gemeente in liefde en die uitstraal van God se liefde na buite die gemeente in die gemeenskap waar die gemeente deel van is.

## *Kyk gou na die video*

### Beantwoord die volgende vrae:

1. *Wat is die verband tussen geestelike en fisieke versorging?*

2. *Hoe gee Christene hoop in hulle gemeenskappe?*

3. *Waarom moet gawes in 'n gemeenskap georganiseer word?*

4. *Wat is die onderskeid tussen 'gemeente' en 'gemeenskap'?*

5. *Hoekom moet gawes met ander mense gedeel word?*



# Hoofstuk 11
## Van afhanklikheid na selfstandigheid in my gemeenskap

**Uitkomste:**

*Aan die einde van die hoofstuk behoort jy:*

- Te kan sê waarom gawes georganiseer behoort te word om die nood in die gemeenskap aan te spreek.
- Te kan verstaan wat dat gawes gedeel behoort word deur sinvolle samewerking.

**Oorsig:**

Dit is duidelik dat 'n gesonde gemeenskap verskeie instellings nodig het wat juis saamwerk om gemeenskaplike probleme die hoof te bied. Dit bly steeds noodsaaklik dat 'n gemeenskap leer om vanaf blote afhanklikheid te groei na selfstandigheid. Die kerk se rol en taak is omvattend maar nie allesoorheersend nie. Kerke speel 'n onmisbare rol in 'n gemeenskap se lewe. Die evangelie verkondig dat Jesus Christus die lig van die nasies is. Daarom het die kerke ook 'n boodskap om uit te dra aan die breë samelewing. Dit word ook die profetiese stem van die kerk genoem. Dit kom daarop neer dat die kerk profeties sê wat behoort in 'n gemeenskap te gebeur. Die kerke moet en kan ook rigtinggewend optree deur hoop te verkondig, maar ook om sake aan te spreek wat reggestel behoort te word.

### Verskeidenheid in die gemeenskap

Die gelowiges as die liggaam van Christus vorm deel van 'n ryk verskeidenheid van samelewingsvorme. So is gelowiges in huwelike, hulle kinders is in skole, hulle werk en neem deel aan verskeie gemeenskapbedrywighede. Alhoewel hulle as gelowiges hieraan deelneem, beteken dit nie dat die gemeente, as kerk, in al hierdie samelewingsverbande betrokke is nie. Dit word die amp of diens van die gelowige genoem. As Christene neem ons deel aan baie samelewingsvorme as kinders van die Here. Die Here is Hoof van alle dinge, ook die kerk. Die Christengelowiges moet in al die samelewingverbande die eer en Naam van die Here grootmaak. Dit beteken dat 'n gemeente, maar ook lidmate individueel, deel vorm van 'n breër gemeenskap.

Dit beteken dus dat gemeentes mag in hulle eie reg bestaan, daar is dus dinge wat 'n gemeente doen wat geen ander verband doen nie. Dit beteken egter ook dat die gemeente besef hulle is nie die enigste gemeenskap nie, en dat hulle 'n bydrae moet lewer om al die gemeenskappe vir die Here se doel te laat bestaan.

## Ken die nood rondom jou

Die gemeentes behoort te weet hoe lyk die gemeenskap rondom hulle. Daarvoor is 'n gesamentlike aanpak nodig. Die probleem van stukkende gemeenskappe is meer as wat net een gemeente kan hanteer. Aan die anderkant kan een gemeente in samewerking met ander baie doen om die gemeenskaplike probleme in die gemeenskappe aan te spreek.

Christelike gemeentes kan ook hande vat in projekte om die nood aan te spreek. Van die eerste stappe is om die omvang van die probleem na te gaan. Daarvoor is 'n gemeenskapanalise nodig. Christelike kerke kan baie help om hierdie inligtingopname korrek en vinnig te doen. Die kerk is die liggaam van Christus, so moet ons ook die lig van die evangelie prakties uitdra en die duisternis verdring wat gemeenskappe gevange hou.

As 'n taal- of kultuurgemeenskap ervaar dat hulle unieke probleme ondervind en hulleself begin organiseer om die probleem op te los, beteken dit dus dat 'n gemeenskap self verantwoordelikheid aanvaar vir die probleem en dit begin oplos. As so 'n gemeenskap die probleem op 'n Christelike manier wil oplos, beteken dit dat die gemeenskap dit ook as die liggaam van Christus wil doen vanuit die amp van die gelowiges. Daarom is dit belangrik dat daar goeie werksterreinverdeling kom tussen die verskeie gemeenskappe. Die gemeentes moet dus ook help om die gemeenskappe tot God se eer in te rig.

## Skakel verwarring uit

Daar is baie keer verwarring daaroor waar die grens loop van wat diakens se werk behels en wat byvoorbeeld maatskaplike ontwikkeling en maatskaplike werk sou behels. In die ou tyd, en veral met die Reformasie, was daar nie die verwagting dat die staatowerheid alle maatskaplike hulp en ontwikkeling vir hulle rekening neem nie. Met verloop van tyd het die staatapparatuur so oorheersend begin word dat die diakens se werk eintlik te onregte net beperk gesien is tot die gemeente self, en dan ook nog net tot armoedeverligting. Met ander woorde: diakens is al hoe meer gesien as mense wat fondse uit die gemeente bymekaar maak en dan kos gee vir hulpbehoewende mense in die gemeente. Al die ander maatskaplike probleme en ontwikkelings is stelselmatig oorgelaat aan die staat se meganismes. Hierdie huidige praktyk kom ook vandag nog algemeen voor.

Die probleem ontwikkel egter nou dat die staat al hoe meer oneffektief word en verder dat die staat se idioom voorskryf wie en hoe daar gehelp moet word. Heel vroeg aan die begin van die Covidpandemie het die staat selfs probeer om die armoedeverligting deur die kerke te keer en te reguleer. Gelukkig was die poging van korte duur en sonder sukses.

## Evangelie of ideologie?

Dit laat ons by die vraag, wat na regte 'n vraag is na die wortel van die saak. Wat is die verhouding tussen diakonieë aan die eenkant en statutêre en nie-statutêre instelling aan die ander kant? Ten eerste moet gestel word dat die daaglikse groeiende nood sulke afmetings aanneem dat niemand nou kan bekostig om ledig op die kantlyn te sit nie. Dit is egter met so belangrik dat daar reg en Christelik opgetree word. Dit help nie gelowiges wil in hulle bedoelings korrek wees, maar in hulle optrede help hulle eintlik om die probleem groter te maak nie. Hierdie punt moet skerp gestel word: die huidige staatideologie van o.a. staatsubsidies en afhanklikheidskepping maak mense op 'n verkeerde manier slawe van staatshulp. Die Bybelse manier is om verantwoordelikheid hoog aan te slaan en om om te gee vir ware kwesbare mense. So sal die Bybel baie praat oor weduwees en weeskinders wat reg behandel moet word. Dit help egter nie as mens die probleem van armoede voortsit en eintlik in stand hou nie.

## Wat is ware gemeenskap?

'n Gemeente is 'n gemeenskap, die gemeenskap van die gelowiges. Dit is egter nie die enigste gemeenskap wat bestaan nie. Die Bybel leer ons dat die mens nie maar net bloot 'n klomp individue bymekaar is nie. Gemeenskappe vorm waar daar dieper bande met mekaar gedeel en ervaar word. So leer die Bybel dat daar ook gemeenskappe is wat in tale, volke en nasies na vore tree. Oor al die gemeenskappe is die Here ook Hoof. Hy wil juis hê dat Sy kinders al die gemeenskappe wat daar is, ook vir Hom heilig, dit beteken tot Sy eer laat bestaan. Die kerk se taak is om ook te evangeliseer, om die Woord van die Here uit te dra en al die mense – in al hulle verskillende verbande – na die Here te lei en tot Sy eer saam te bind.

Die groot probleem vandag in Suid-Afrika is dat die begrip "gemeenskap" nie op 'n Bybelse manier verstaan word nie. Gemeenskap is eintlik 'n ander manier om te sê dat die mensdom met verskeie bande aan mekaar verbind is om saam te lewe. Die Bybel leer dat gemeenskap net reg verstaan kan word as ons God Self as 'n gemeenskap verstaan. So leer die Bybel dat God van Homself praat as "Ons" wanneer Hy die mens skep deur te sê: "Laat Ons mense maak, na Ons beeld en na Ons gelykenis."

Hierdie feit is baie waardevol vir ons. Dit beteken dat God die mens nie net sien as 'n klomp losstaande en vryswewende individue nie. Die mens is in 'n gemeenskap geskape, in gemeenskap met God en mekaar. Die sonde het

die gemeenskapbande uitmekaargeskeur en die mens van God en mekaar vervreem. As ons dus ons gemeenskappe weer met goeie bande wil opbou, moet ons begin waar God ons leer om te begin.

Gemeentes wat Jesus Christus as hulle Here en Hoof aanbid, sal hulle barmhartigheidswerk in daardie gemeente en in hulle gemeenskappe ernstig opneem. Gemeentes sal dan nie die ontbinding en verdwyning van gemeenskap aanhelp nie, maar sal juis saamwerk om die ware gemeenskap wat God gee weer te herstel. Gemeenskappe moet God dien. Dit kan gebeur as die gemeentes die werk wat die Here hulle gee om te doen, uitvoer en as gemeenskappe die boodskap van die Here verstaan dat alle gemeenskappe aan die Here self verbind moet wees.

Jesus Christus is die lig van die wêreld. God se lig wil oral en altyd skyn. Die kerk bestaan nie ter wille van haarself nie, maar is deur God gegee om die mensdom te help, trouens om 'n nuwe mensdom te laat verskyn.

***Onthou:***

*"Ek het as 'n lig in die wêreld gekom,*
*sodat elkeen wat in My glo,*
*nie in die duisternis sou bly nie,"*
*Johannes 12:46 (1933-vertaling).*

## Gawes en sinvolle werkverdeling

Dit beteken samewerking en taakverdeling. Prakties gestel beteken dit die volgende. 'n Diakonie wat ervaar dat daar armoede binne die gemeente voorkom, armoede soos byvoorbeeld kosnood, moet nie hulle verantwoordelikheid ontduik en bloot die probleem aanskuif na een of ander groter organisasie of departement nie. Die diakonie moet die mense om hulle met die barmhartigheid van die Here versorg. 'n Gemeente ervaar egter dat 'n probleem dikwels groter is as wat een gemeente kan aanpak of oplos.

'n Maatskaplike organisasie in 'n gemeenskap moet van hulle kant af ook weer nie die kerk se taak oorneem nie. Die kerk moet evangeliseer, soos om Bybels uit te deel en pastoraal na mense te kyk. Die organisering van die kultuurgemeenskap lê weer op hulle terrein en nie op die kerk se terrein nie. As die gemeente egter besef hulle moet ook na gemeenskappe toe uitreik en help, sodat die mensdom se volle lewe onder die koningskap en sorg van Christus gestel kan word, dan sal hulle ook saamwerk om die gemeenskappe vir die Here te heilig, sonder om op te hou kerkwees en sonder om ander gemeenskapterreine oor te neem vir hulleself.

Sinvolle werkverdeling en gelowige samewerking as die liggaam van Christus – dit is die pad wat die Heilige Gees aandui deurdat verskillende gawes aan verskeie mense gegee word. Die samelewing mag nie verkerklik word nie, maar moet verChristelik word. Dit beteken daar sal ruimte gemaak word dat gemeenskappe ook tot eer van die Here mag en moet bestaan. Die gemeentes moet hulle rol in die gemeenskappe goed verstaan. Die diaken, die maatskaplike werker en die Solidariteit Helpende Hand vrywilliger wat Christus dien, sal heerlik kan saamwerk, sonder om mekaar se werk te doen, of verwag dat die een alles ten koste van die ander moet doen. Daar moet in één rigting gewerk word.

## 'n Doen geloof vat hande

Die kerk moet dus weet hoe lyk die gemeenskap waarbinne hulle bestaan. Kerke kan baie baat uit die inligting wat 'n gemeenskapanalise oplewer. Verder moet die kerk meehelp aan gemeenskapontwikkeling oor hoe 'n gesonde gemeenskap behoort te lyk volgens die Bybel. Solidariteit Helpende Hand se gemeenskapanalise is 'n praktiese voorbeeld hoe beide kan plaasvind. Die kerke verkry inligting hoe die gemeenskappe presies lyk, om vas te stel wat die omvang van die nood is, en tweedens word die evangelie deur die kerk in gemeenskappe bedien tot behoorlike ontwikkeling van die gemeenskap. Saamwerk beteken dat elkeen sy terrein ken en volstaan. Die gemeenskap waarbinne die kerke bestaan, het tans groot probleme. Die evangelie bied die hoop vir 'n goeie toekoms. Daardie hoop moet hande en voet kry om die nood aan te spreek en om die gemeenskap ten volle te ontwikkel soos wat God dit ten diepste bedoel. Lewende geloof doen praktiese dinge. 'n Doen-geloof vat hande. Solidariteit Helpende Hand se vrywilligers is saam met die kerk se lidmate die hande en die voete wat die nood in ons gemeenskappe op verskeie vlakke aanspreek, nie net kosnood of armoede nie. Die saamdoen en saamwerk aan 'n gemeenskaplike doel in gemeenskappe lei tot die ontwikkeling en skep hoop.

## Bly verbind aan belofte

God bly verbind aan Sy beloftes. God se beloftes gee hoop. Christene is gebind aan God en mekaar om die lig in die wêreld vol nood en donkerheid uit te dra in die gemeentes en hulle gemeenskap.

*Kyk gou na die video*

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. *Wat beteken dit om deel te wees van 'n gemeenskap?*

2. *Wat is 'n gemeente se rol in die gemeenskap?*

3. *Wat is die verskil tussen diakens se werk en maatskaplike ontwikkeling in die gemeenskap?*

4. *Waarom is dit nodig om die nood in jou omgewing goed raak te sien?*

5. *Hoe kan samewerking tussen die gemeente en gemeenskap reg plaasvind?*



# Hoofstuk 12
# Wat is barmhartigheid?

## Uitkomste:

*Aan die einde van die hoofstuk behoort jy:*

- Te kan insien dat die Here se barmhartigheid ook 'n impak in 'n gemeenskap het.
- Te kan verstaan dat Christelike barmhartigheid bepaalde eie kenmerke het.

## Oorsig:

Een van die wonderlike dinge van die Here is dat Hy barmhartig is. Dit word op baie plekke in die Bybel genoem. So staan dit in die gebed van Nehemia, as hy die swaarkry opnoem wat hulle ervaar. Die Hebreeuse woord vir barmhartigheid [rachûm] bring twee sake duidelik na vore:

- Die simpatieke bewus wees vir 'n ander een se swaarkry, seer en pyn.
- Die begeerte om dit effektief te verlig.

***Onthou:***

*"Maar U is 'n God van vergewing, genadig en barmhartig,*
*lankmoedig en groot van goedertierenheid,*
*en U het hulle nie verlaat nie," Nehemia 9:17 (1933-vertaling).*

## Liefde in Aksie

Die woord word miskien die duidelikste verduidelik met 'n ma wat haar kind optel en vertroetel as die kind seergekry het. Daardeur wys die ma sy weet wat die pyn is en sy doen iets daaraan.

Die barmhartigheid van die Here is Sy liefde in aksie. Dit is 'n ryk begrip en omvat baie dinge. God die Vader gee as Skepper baie om wat met Sy kinders gebeur. Hy kan nie koud en op 'n afstand na hulle seer en swaarkry kyk nie. God buig neer om ook iets daarom te doen. Hy stuur uit die hemel Sy Seun wat juis 'n mens word om God se liefde so ten toon te stel en duidelik te maak. Die Here deel Sy liefde met mense deurdat Hy hulle deur die Heilige Gees met geloof aan Jesus Christus se Seun bind. God wil dat Sy barmhartigheid ook ervaar en verstaan word. God gee om en Hy sorg dat daar iets aan ons probleem gedoen word. Hy laat ons besef dat dit Hý is wat omgee deurdat die Heilige Gees ons hierdie omgeeliefde laat ervaar. God se barmhartigheid is so ryk en diep dat dit altyd verder en verder uitbrei en versprei. Dit doen God deurdat mense Sy liefde tot ander mense bring.

## Liefde as geskenk

God gee Sy liefde as 'n geskenk aan ons. Hy gee dit aan ons sonder dat ons dit by Hom kan koop, dit kan verdien of daarvoor kan werk. Dit is wat Sy barmhartigheid so wonderlik maak. Juis omdat God met ons deel wie Hy regtig is. Die Here is barmhartig – en Hy wys ons en Hy deel Homself mee aan ons.

Wie ook al die barmhartigheid van die Here só ervaar en ontvang het, word self diep daardeur aangeraak. Hierdie geskenk wat ons van God kry, veroorsaak dat ons ook wil deelneem aan die uitdeel van Sy sorg en omgee. Die Heilige Gees en Woord leer en lei die kinders van God om raak te sien waar orals dinge verkeerd is en ander mense nood ervaar. Swaarkry, seer, armoede en lyding is iets wat die Here van Sy kinders wil wegvat. Hy doen dit volkome in die hemel, maar Hy wil nou reeds wys dat Hy dit effektief in Jesus Christus aan ons skenk.

## Liefde uitdeel

Christene wat regtig glo, sal altyd die barmhartigheid van die Here hoog ag en verder wil bekend maak. Die barmhartigheid van die Here wek ook by gelowiges die begeerte om iets aan probleme te doen, veral die probleme van armoede en die gevolge daarvan. Die barmhartigheid van die Here as 'n geskenk wat uitgedeel word, het veral ten doel dat ander mense ook beleef en ervaar hoe goed God is – ook deur wat ander mense doen, en dat hulle die Here weer op hulle beurt Hom sal loof en dank daarvoor.

Barmhartigheid van die Here is dus niks anders as die hulp van die Here nie. Om te help met die liefde wat die Here se bewerk, is om op 'n bepaalde manier te help.

Ons leer hieruit hoe om reg op te tree in ons hulpverlening en wat is dit om op 'n verkeerde manier hulp aan te bied.

## Liefde bring gemeenskap met God

As God barmhartigheid bewys dan is dit met Woord en Gees. God is volledig betrokke. By Hom is geen halfhartigheid nie. As Hy deur die Woord en Gees in ons woon en werk, beteken dit dat Hy self Sy eie barmhartigheid behartig. Ons mag dus nie self besluit hoe ons ons eie jammerte gaan wys nie. God se barmhartigheid is altyd gerig daarop dat God met lof en dank ontmoet word. Barmhartigheid waarvan die uiteindelike doel nie die aanbidding van die Here is nie, is nie korrek nie. Christelike barmhartigheid se einddoel is God se eer omdat dit Sy eie arm is wat help.

- ☛ Christelike barmhartigheid mag nooit die probleem vererger of instandhou nie, maar moet dit juis breek. Ons moet die beloftes én bevele van die Here in gedagte hou. Baie keer gee ons vir mense iets, maar ons

doen dit nie om die probleem op te los nie, maar eerder om ons gewete te sus. 'n Skerp voorbeeld hiervan is hoe ons bedelary hanteer. Kom ons neem een bevel van die Here hier as voorbeeld. Die Here verbied dit om vir iemand verder in die sloot te help as die persoon nie wil werk. *"Want ook toe ons by julle was, het ons julle dit altyd beveel: as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie. Want ons hoor dat sommige onder julle onordelik wandel, dat hulle nie werk nie, maar bemoeisiek is. Sulke mense beveel en vermaan ons deur onse Here Jesus Christus, om rustig te werk en hulle eie brood te eet," 2 Tessalonisense 3:10-12 (1933-vertaling).*

## Liefdeswerk

Ons mag en moet mense probeer help wat nie kan werk nie, maar as iemand lui is en nie wil werk nie, mag ons hom of haar nie daarin sterk nie. Christelike barmhartigheid mag ook "nee" sê, mag ook vermaan en sê: doen jou werk en eet dan. Dit is 'n baie groot verantwoordelikheid om op die regte manier op te tree.

- Christelike barmhartigheid het altyd met Christus self te maak. Die Here Jesus het dit baie duidelik gemaak toe Hy vir die mense op 'n keer gesê het dat hulle Hom nie wou help nie. Toe hulle verbaas vra wanneer het hulle Hom dan so verwaarloos en onbarmhartig behandel het hy gesê: *"Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen," Matteus 25:40 (1933-vertaling).*

Ons moet weet dat Christelike barmhartig deur God persoonlik opgeneem word. Dit beteken as mens 'n lewende band met God het, dit ook na vore sal kom deurdat jy aan ander mense barmhartigheid bewys.

- Christelike barmhartigheid staan ook in verband met die oordeel van die Here. As barmhartigheid nie bewys word nie, terwyl die nood en die oplossing bekend en voor hande is, wek dit die woede van die Here op. In dieselfde asem sê die Here vir die mense wat weens ongeloof onbarmhartig is: *"Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie," Matteus 25:41-42 (1933-vertaling).*

## Barmhartigheid vs. welwillendheid

- Christelike barmhartigheid is meer as net wêreldse welwillendheid of 'n goeie en verdienstelike saak. God se oordeel is betrokke as ons die barmhartigheid wat ons ontvang nie uitdeel nie. Ons mag dit dus nie op ons eie manier en goeddunke gee nie, en ons mag dit ook nie verkeerdelik weerhou nie.

Dit is 'n baie hoë opgawe. Ons moet dus besef dat ons geroepe is om ons gawes as 'n opgawe van God te sien. Die nood wat bestaan en die gawes wat God gee, het met mekaar te make in die sin dat God deur mense se hande en voete prakties iets wil doen aan die probleem.

- Christelike barmhartigheid is dus 'n groot roeping. God roep ons op om dit uit te voer. Hy gee ons die gawes wat nodig is om dit aan te spreek. God eis verantwoordelikheid in die aanpak van die saak. Die Here het in die Ou Testament self gesê voordat Israel die nuwe land ingegaan het dat Hy armoede verbied: *"Maar daar moet geen arme by jou wees nie, want die HERE sal jou ryklik seën in die land wat die HERE jou God jou as erfenis sal gee om dit in besit te neem; as jy net goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al hierdie gebooie wat ek jou vandag beveel," Deuteronomium 15:4-5 (1933-vertaling).*

## God sien barmhartigheid

Wanneer 'n mens oor die implikasies hiervan begin nadink, dan skrik mens eintlik. As God vir Sy volk armoede verbied, dan beteken dit dat ons as Christene op geen manier mag deelneem of deel hê aan dinge wat armoede veroorsaak en instandhou nie. Tans is daar baie ideologieë soos sosialisme en kommunisme, en selfs sekere aspekte van naakte kapitalisme wat armoede veroorsaak en vererger. Is ons as Christene ernstig genoeg in ons teenkanting daarvan?

- Christelike barmhartigheid is om gelowig deel te neem aan God se manier van omgee. Dit bly 'n heerlike voorreg om te sien hoedat die Here wonderlik voorsien as daar gehoorsaam na Hom geluister word hoe mens vir ander mense moet omgee. God se beloftes bly vas en seker. Christelike barmhartigheid is ons duur plig, aangesien God self dit beveel.

Die Here is barmhartig. Hy ken ons leed, ons seer en swaar – en Hy doen iets daaraan. Die Here is barmhartig, daarom kan ons harte en hande ook ywerig deel kry aan sy manier van sorg.

***Kyk gou na die video***

## Beantwoord die volgende vrae:

1. *Watter twee dinge kom na vore in die begrip 'barmhartigheid'?*

2. *Wat is die unieke element wat God se barmhartigheid vir ons so besonder maak?*

3. *Wat mag Christelike barmhartigheid nie doen nie?*

4. *Wat is die verskil tussen Christelike barmhartigheid en welwillendheid?*

5. *Wat het Christelike barmhartigheid met God se manier van omgee te maak?*



# Hoofstuk 13

## Die ewigheidswaarde van my erfenis vir my gemeenskap

### Uitkomste:

*Aan die einde van die hoofstuk behoort jy:*

- Te kan sê dat God Sy goedheid graag deel.
- Te kan sê dat jy die lewe as geskenk kry.

### Oorsig:

Wanneer iemand die dag doodgaan, sê hy gewoonlik voor die tyd wat met sy goed moet gebeur. Dit is ons testament. Ons sê wat ons nalaat vir iemand anders. Gewoonlik erf die naaste familie of die kinders. Die Bybel leer ons dat 'n Christen baie meer as net besitting vir ander mense kan nalaat om te erf. In hierdie hoofstuk kyk ons wat die Bybel leer oor erfenis. Die wonderlike kenmerk van 'n erfenis is dat jy deel kry aan iets waaraan jy nie self gewerk het nie. Dit is 'n geskenk wat gegee word.

*Onthou:*

*"Die HERE is die deel*
*van my erfenis,"*
*Psalm 16:5 (1933-vertaling).*

### God gee geskenke

Die Bybel beskryf erfenis met baie ander woorde soos genade en barmhartigheid. Dit beteken kortliks dat jy iets goed kry wat jy nie verdien nie of waarvoor jy nie gewerk het nie. Trouens, die Bybel maak dit duidelik dat gelowiges in hulle erfenis gebore word. Jy ontvang iets as 'n geskenk. Hierin wys God Sy Vaderliefde en Sy goedheid vir ons. Kyk maar na 'n klein babatjie, en jy verstaan wat God bedoel met erfenis – alles wat die kind het en nodig het, is as geskenk voor die tyd daar. So word 'n mens gebore in 'n bepaalde tyd en plek as 'n voorafgeskenk van God.

### Deel God se geskenke

Hoe 'n mens op hierdie geskenk reageer, bepaal jou hele lewe verder. Gelowiges leer van vroeg af dat God die groot Gewer is van goeie dinge. Hy deel ook graag Sy goedheid met ander. God se liefde is volmaak. God doen niks half nie. God se goedheid is ook permanent. God is baie getrou in Sy goedheid. Juis omdat God getrou is, is dit moontlik dat mense kan erf. God deel Sy goedheid

uit aan mense. Sy goedheid bly vir ewig. Daarom kan die goedheid van die Here ook van die een geslag na die volgende geslag uitgedeel en verdeel word.

Hierdie is 'n wonderlike gedagte om in jou lewe te hê. As 'n mens in Christus glo, kry jy deel aan die goedheid van God op 'n langdurige basis. As God jou iets belowe dan sê Hy dat Hy so groot en getrou is, dat dit ook jou kinders toekom. God laat Sy goedheid erf. Dink bietjie watter wonderlike dinge God al deur die geslagte deurgegee het. Gelowiges ontvang telkens dit wat God reeds ook aan hulle voorouers gegee het.

## Moenie geskenke mors nie

Hierdie geskenke van God vereis baie verantwoordelikheid van ons. Wat jy verniet gekry het, mag jy nie sommer verniet weggee en verkwansel (verkoop) nie. God wil hê dat elke geslag deel kry aan dit wat Hy aan hulle uitdeel. Hulle kry van die voorgeslag, maar hulle kry ook wat God juis aan hulle wil gee. Dit wil Hy weer aan hulle kinders deurgee. 'n Mens moet jou erfskat van God mooi oppas. Wat God ons gee, is geestelike en materiële dinge. Dit beteken dat God na jou kyk as liggaam, siel en gees. Hy laat jou baie dinge erf, sodat Sy goedheid nog in die volgende geslagte bekend sal wees.

## Wat gee jy aan die volgende geslag?

Dink bietjie wat gee God ons nie alles nie? Hy sorg nie net vir brood en klere nie, maar Hy gee ook jou siel kos. Hy maak jou gees vol vreugde en tevredenheid. Dit kan alleen raakgesien, vasgehou en deurgegee word as mens in Jesus Christus glo.

Elke geslag kry iets van die vorige geslag. Ongelukkig nie net goeie dinge nie, omdat ons sondaars is. Ons kan ook sonde en skuld erf by ons voorouers. Dit beteken dat ons aanhou om verkeerd te doen soos wat hulle verkeerd gemaak het.

'n Mens moet ook diep nadink oor wat jy vir jou kinders eendag agterlaat. As jy in Jesus Christus glo, het jy deel aan die goedheid van God. Die Heilige Gees woon dan in jou en deel God se goeie gawes aan jou uit. In die Nuwe Testament maak God hierdie saak duidelik met die uitstorting van die Heilige Gees. In Handelinge 2:3 lees ons toe die Heilige Gees uitgestort is, was daar vuurtonge wat homself verdeel het en wat op elkeen se kop gaan sit het. Daardeur wys die Here dat Hy Sy liefde en omgee en gawes uitdeel. God wil dat dit bekend word hoe groot en goed Hy is. God gee gelowiges baie goeie dinge. Hy wil hê dat jy mooi daarmee moet werk en dat dit na die volgende geslag kan oorgaan. So vertel die een geslag die wonderlike dinge van God oor aan die volgende geslag.

## Die ewigheidswaarde van erfenis in my gemeenskap.

Ons moet meer as geld en goed vir ons kinders agterlaat. Ons moet vir hulle 'n erfenis bied met ewigheidswaarde. Ons moet aan hulle 'n erfdeel gee wat geen mens hulle ooit kan ontneem of beroof nie. Dit is die erfenis van ons geloofswerke.

Wanneer ons doen waartoe God ons roep, en ons daardie roeping uitleef met ons hele hart in die strewe na ware aanbidding, dan doen ons wat God vir ons voorberei het. Daardie werke is nie gerig op ons pensioen nie, maar op die ewigheid. Dit wil nie jouself bevoordeel bo ander nie, maar saam bou aan 'n gemeenskap wat leef in verhouding tot God.

Die Here leer ons in die tweede gebod: Hy is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, die derde en vierde geslag van dié wat Hom haat. Maar Hy betoon genade tot aan die duisendste geslag van dié wat Hom liefhet en Sy gebooie onderhou.

***Onthou:***

*"Want uit genade is julle verlos, deur geloof. En juis dit kom nie uit julle self nie; dit is die gawe van God. Dit kom nie uit eie werke nie, sodat niemand op iets mag roem nie. Ons is immers sy maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke wat God voorberei het, te doen, en daarvolgens te leef,"*
*Efesiërs 2:8-10 (2020-vertaling).*

*Kyk gou na die video*

## Beantwoord die volgende vrae:

1. *Hoe weet jy dat God graag Sy goedheid deel?*
2. *Wat leer jy uit Handeling 2:3 oor hoe God dinge verdeel?*
3. *Wat beteken dit om te "erf"?*
4. *Kan een geslag iets vir 'n ander geslag gee?*
5. *Wat beteken die "geskenk" in jou lewe?*



# Hoofstuk 14
## Rentmeesterskap en my begroting

### Uitkomste:

*Aan die einde van die hoofstuk behoort jy:*

- Te kan onderskei tussen geld as gawe of besitting.
- Te kan sê hoe God wil hê ons geld moet gebruik.
- Te kan weet hoe om 'n begroting op te stel.
- Te kan onderskei tussen noodsaaklike en luukse dinge.

### Oorsig:

Alles in vandag se lewe kos geld. Dit was nie altyd so gewees nie. Alles in ons samelewing word bepaal deur die waarde van geld. Dit beteken dat ons alles slegs met geld kan koop of verkoop. Die Here leer ons dat geld baie maklik 'n vangnet kan wees wat jou lewe kan vernietig. Ons moet verstaan wat dit beteken om geld te besit en te kan gebruik as gawe en wanneer geld ons besit en ons dit ten alle koste najaag. Die Here Jesus self sê ons kan nie God en Mammon dien nie.

Die Here gee aan ons wat ons nodig het om te leef. Hy gee aan ons gawes sodat ons kan bestaan. Hy gee krag en gesondheid, vermoëns en gawes. Om hierdie gawes reg te gebruik, moet ons as rentmeesters elke gawe reg benut. Hiervoor gebruik ons 'n begroting. In hierdie hoofstuk gaan ons kyk hoe om 'n begroting op te stel. 'n Begroting help ons sodat ons nie meer geld uitgee as wat ons inkry nie. Dit help dat jy nie op skuld leef nie. Maar 'n begroting kan jou nie voorskryf wat om te koop of nie. Dit word bepaal deur jou optrede. Met ander woorde, 'n begroting help niks as jy nie by die begroting bly nie. Die Here wil ook hê dat ons Hom moet vra vir die gawes deur te bid. Immers wie sal vir sy kind 'n klip gee as hy vir 'n broodjie vra?

**Onthou:**

*"Gee ons vandag*
*ons daaglikse brood,"*
*Matteus 6:11.*

### Geld as Ruilmiddel

Vroeër het mense middele of bates geruil, amper soos dit vandag op OLX werk. Iemand het eiers en iemand anders lemoene. So het hulle dan byvoorbeeld drie eiers vir 'n lemoen geruil. Om hierdie proses maklik en gelyk te verdeel, is daar 'n middel wat gemeenskaplike waarde het, wat ons geld noem. In plaas daarvan om middele of goed te ruil, ruil ons geld. Dit maak ook een middel, geld, belangriker as al die ander, en die gevolg is dat mense geld najaag.

## Geld as gawe

God gee geld as gawe. Selfs in die tuin van Eden was daar goud, en die goud was goed. Die probleem is nie soseer met "geld" nie, maar ons begeerte daarna. Geld is nie die wortel van die kwaad nie, maar geldgierigheid is. Dit is wanneer iemand nie genoeg kry van geld nie. Wanneer hulle altyd meer wil hê, en dit ten koste van ander mense en hulleself. *"Want geldgierigheid is die wortel van alle kwaad. Die hunkering na rykdom het sommige mense laat afdwaal van die geloof, en hulle het hulleself met baie smarte deurboor," 1 Timoteus 6:10 (2020-vertaling).*

## Jy moet jou brood eet, nie verdien nie

Baie mense dink daar staan in die Bybel dat jy in die sweet van jou aangesig jou brood moet verdien. Dit is nie waar nie. God gee die gawe van brood. *"Met sweet aan jou gesig sal jy jou brood eet," Genesis 3:19 (2020-vertaling).*

Hierdie begrip word bevestig wanneer ons Here Jesus ons leer bid in die Onse Vader: *"Gee ons vandag ons daaglikse brood," Matteus 6:11 (2020-vertaling).*

## Eet om te werk

Die rede waarom die orde omgeruil word, beïnvloed ons hele uitkyk op die lewe. As ons net werk sodat ons kan eet, dan word die lewe vir ons 'n straf. En dan word werk vir ons 'n straf. Dan moet jy net altyd werk om brood op die tafel te hê. As ons egter verstaan dat God aan ons alles gee wat ons nodig het, selfs ons kos, ons liggaamlike krag en gesondheid, ons kennis en vaardighede, dan kan ons met vreugde werk.

## God gee wat nodig is

Dan verstaan ons dat God aan ons kos gee, sodat ons krag kan kry om te werk. En as ons so werk, kan ons ons Goddelike roeping vervul. Dit is baie belangrik om te verstaan dat God wil hê dat ons moet werk, sonder dat dit soos 'n straf voel. In 2 Tessalonisense 3:10, word verduidelik dat iemand wat nie wil werk nie, ook nie behoort te eet nie. Hiermee word bedoel dat niemand gevrywaar word om lui te wees en niks te doen nie. Daar is 'n Goddelike verantwoordelikheid op elke mens om te werk. God het die lewe so gemaak.

## Geld en eerlikheid

Deur te werk, verkry ons 'n inkomste. 'n Arbeider is sy loon werd. Deur die hele Bybel is daar 'n klomp verwysings na hoe gelowiges geld moet gebruik. Ons lees byvoorbeeld in die Ou Testament hoe die Israeliete geen skuld mag hê en armes mag uitbuit nie. Daar is wette wat verbied dat jy nie meer rente mag vra en dat jy nie aan gewig of inhoud moet peuter nie. Elke mens moet eerlik wees in die sake wat hulle doen.

## Rentmeester

Hierdie Bybelse begrip help ons om te verstaan dat geld net 'n gawe is wat ons van God ontvang. God gee die gawes sodat ons daarmee sal woeker in Sy koninkryk. 'n Rentmeester is iemand wat verstaan dat God se gawes altyd aan Hom behoort. Dat ons net leen wat aan ons gegee word. Dink aan die gelykenis van die talente. Elkeen wat 'n talent ontvang, moet dit gebruik. Talente (in die Bybel) beteken 'n som geld, maar ons weet dit beteken ook ons eie talente en gawes wat God aan ons gee. Solidariteit Helpende Hand is ook rentmeester van die gawes en talente wat God aan ons en ons vrywilligers leen. Ons moet hiermee woeker op so 'n manier dat dit tot eer van God is.

God gee elke dag wat nodig is. Hy versorg en voorsien. As ons op Hom vertrou, en geld sien as 'n gawe wat Hy gee, dan word werk nie meer 'n las nie, maar 'n roeping.

## Wat is 'n bate?

'n Bate is enige iets wat jy besit wat jy weer kan verkoop om geld te kry, of wat jy kan gebruik om 'n inkomste mee te verdien. Byvoorbeeld gereedskap vir houtwerk.

## Wat is 'n las?

'n Las is as iets wat jou verplig om elke maand geld te betaal. As jy byvoorbeeld 'n lening aangaan of iets koop wat elke maand paaiemente het wat afgaan, moet jy dit self betaal. Dit is 'n uitgawe van jou geld sonder dat dit weer geld kan maak of dat jy dit weer kan verkoop en geld daarvoor kry.

## Goeie of slegte skuld?

Skuld kan in verskeie afdelings onderverdeel word:

- Goeie skuld is skuld wat jy aangaan wat in waarde sal toeneem en jou later in 'n beter posisie sal plaas bv. as jy 'n huis koop.

- Slegte skuld, daarenteen, is skuld wat jy aangaan soos byvoorbeeld 'n persoonlike lening, om iets te koop wat gou waarde verloor. Gewoonlik het slegte skuld ook baie hoë rente wat die waarde van dit wat jy gekoop het nog minder maak. "Pay day loans" is een van die slegste tipes skuld.

**Onthou:**

*"Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God,"*
*Filippense 4:6 (1933-vertaling).*

## Hou jou rekening dop

Weet wat in jou bankstaat staan en in jou bankrekening aangaan. Dit is baie belangrik as jy by jou begroting wil hou en elke maand wil uitkom met jou geld dat jy elke maand jou bankstaat bestudeer. Leer so jou gewoontes ken, byvoorbeeld dat jy miskien in die versoeking kom om te veel wegneemetes te koop of dalk koeldrank by die kafee. 'n Verdere rede hoekom jy ook moet kyk na jou bankstaat is omdat daar altyd foute kan insluip en daar kan byvoorbeeld ongemagtigde debietorders teen jou rekening afgaan.

Ongelukkig is daar mense wat vir selfs klein bedrae ongemagtigde debietorders op mense se rekeninge laai. Mense sien dit nie omdat dit vir byvoorbeeld R20,00 is en hulle weet nie waarvoor dit is nie. Dit is vir hulle te veel moeite om dit te stop, maar daardie R20 kan 'n begroting laat klop of nie. Wees op die uitkyk deur kennis te neem van jou transaksies.

'n Verdere vangplek is wanneer telefoniese verkoopsagente jou bel en iets wil verkoop. Hulle is opgelei om jou om die bos te lei en jou te oortuig dat jy hulle produk nodig het. Moenie in hierdie slaggat trap en opteken vir 'n produk of diens wat jy nie andersins wou gehad het nie en wat jy dalk nie kan bekostig nie.

## Noodsaaklik of behoefte

Onderskei tussen iets wat jy koop omdat jy dit nodig het en iets wat jy koop omdat jy dit graag wil hê. Soms voel dit of jy dit nodig het maar eintlik is dit net iets wat jy wil hê. 'n Nuwe TV of DSTV is behoeftige items en nie noodsaaklik nie. Middele waarsonder jy nie kan klaarkom nie, is wel noodsaaklik – soos jou plek waar jy bly en jou kos wat jy eet. As jy dus mooi hieroor dink voordat jy iets koop, sal jy gou besef wanneer jy 'n onnodige uitgawe wil aangaan. Moenie iets koop wat nie werklik nodig is nie maar iets wat jy net graag wil hê, veral as jy nie genoeg geld het nie. Onthou om binne jou begroting te probeer bly. As jy iets graag wil hê, moet jy daarvoor spaar en dit liewer kontant koop.

## Hoekom moet jy nie skuld aangaan nie?

Skuld is geld wat jy betaal aan krediteure vir iets wat jy reeds gekoop het en met rente daarby. Jy betaal dubbeld vir iets wat sy waarde verloor.

## Wat is 'n begroting?

n Begroting is 'n plan om jou te help om jou salaris so ver as moontlik te rek en soveel as moontlik met jou geld te doen. Al wat jy nodig het, is 'n plan, dissipline en prioritisering (besluit wat is die belangrikste wat eerste gedoen moet word).

## Ses maklike stappe

'n Begroting kan in 6 maklike stappe opgestel word:

1. *Weet wat jou inkomste is. Jy moet weet wat jou Netto (huis toe neem) salaris is. Jy kan nie op jou basiese salaris werk voordat die belasting en ander aftrekkings afgetrek is nie.*

2. *Bepaal wat jou basiese vaste uitgawes is. Dit is uitgawes wat jy elke maand het en nie baie verander nie, byvoorbeeld jou huispaaiement, huur, water en ligte ens.*

3. *Bepaal wat jou uitgawes is wat maand tot maand verskil, byvoorbeeld jou kruideniersware, klere wat jy benodig, jou selfoon ens. Jy het gewoonlik beheer oor hierdie uitgawes,*

4. *Bepaal wat jy nodig het en prioritiseer, byvoorbeeld het jy onbeperkte DSTV-kanale nodig? Skaal dan af na die goedkoper pakket. Het jy die groot selfoonkontrak nodig of kan jy afskaal na 'n goedkoper pakket?*

5. *Hou rekord van alles wat jy spandeer. As jy kontant trek, skryf agter op die strokie wat jy daarmee gekoop het en hou tred van wat jy koop.*

6. *Kyk dan elke maand weer na jou strokies en jou begroting en verander en hersien jou begroting totdat dit vir jou werk.*

## Hoe lyk 'n begroting?

'n Basiese begroting lyk soos volg:

| | |
|---|---|
| **INKOMSTES** | |
| BASIESE SALARIS | **10 000,00** |
| | |
| AFTREKKINGS: | |
| Mediese fonds | 1 000,00 |
| UIF | 148,00 |
| Belasting | 1 500,00 |
| | **2 648,00** |
| | |
| NETTO SALARIS | ***7 352,00*** |
| (Salaris minus alle aftrekkings. Dit wat jy huis toe neem) | |
| | |
| **UITGAWES** | |
| NOODSAAKLIKE VASTE UITGAWES: | |
| Huisverband | 3 000,00 |
| Persoonlike lening | 500,00 |
| | |
| VERANDERDE UITGAWES: | |
| Kruideniers | 2 500,00 |
| Selfoon | 249,00 |
| Brandstof | 1 000,00 |
| | |
| TOTALE UITGAWES | ***7 249,00*** |
| (Vaste uitgawes plus veranderde uitgawes) | |
| | |
| Geld wat oor is per maand<br>(Jou inkomste minus jou uitgawes) | 103,00 |

Jy kan die geld wat oor is spaar vir 'n noodgeval of dan dit inwerk vir 'n ander noodsaaklike uitgawe in 'n ander maand soos byvoorbeeld 'n voertuiglisensie.

## Wat moet ek doen as ek nie genoeg geld het nie?

As jou uitgawes meer is as jou inkomste en jy het reeds jou uitgawes so verminder dat jy nie meer daaraan kan sny nie moet jy of 'n ekstra inkomste probeer kry of jy moet kyk om jou skuldpaaiemente wat gewoonlik vas is ook te verminder. Een van die opsies waarna jy kan kyk om jou skuldpaaiemente te verminder, is byvoorbeeld skuldberading waar die skuldberader die paaiement en rentekoers verminder en jou help om jou skuld maandeliks te kan terugbetaal omdat jou uitgawes dan minder per maand sal wees.

## God voorsien

God het jou in beheer geplaas van jou finansies. Hy is die Gewer van alle goeie gawes (Jakobus 1). Die middele wat Hy aan jou gee, moet jy oordeelkundig gebruik met die oog op jou toekoms. Moenie net dink aan die huidige nie, maar, as jou inkomste dit enigsins toelaat, spaar vir jou oudag en pensioen.

## *Kyk gou na die video*

### Beantwoord die volgende vrae:

1. *Wat kan jy verdien wat God nie self gee nie?*
2. *Hoekom gee God geld as gawe?*
3. *Hoekom moet ek werk?*
4. *Is werk 'n straf vir 'n gelowige?*
5. *Kies die regte een:*
    a. *Ek eet om te kan werk*
    of
    b. *Ek werk om te kan eet*
6. *Waarom is dit nie voordelig om heeltyd op skuld te leef nie?*
7. *Wat beteken rentmeesterskap?*
8. *Wat het ek nodig om 'n basiese begroting op te stel?*
9. *Wat is die verskil tussen goeie en slegte skuld?*
10. *Wat is die verskil tussen 'n noodsaaklike en behoeftige uitgawe?*






# VERSEKER VOORSPOED

## SLUIT AAN

**deur www.sluitaan.co.za te besoek**

**of**

**SMS die woord "FAMILIE" na**

**45763** *(SMS kos R2).*

**Word vandag deel van die Helpende Hand-familie!**

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

**Om deel te word van Solidariteit Helpende Hand besoek www.sluitaan.co.za**